# Die Oestyd

Phoenix, Arizona, USA

12 Desember 1964

1 Dankie, Broer Williams. Goeiemôre, vriende. Dis 'n voorreg om vanmôre hier te wees. En om 'n inleiding soos hierdie te hê, laat dit my steeds kleiner voel. En ek's … was baie dankbaar vir hierdie geleentheid om vanmôre na Phoenix te kom.

Ek onthou toe ek die eerste keer na Phoenix gekom het, was ek omtrent sewentien jaar oud. Dit het beslis gegroei sedert daardie tyd. Buite vanmôre waar ons in Phoenix ingekom het, kon ons skaars sê wanneer ons Tucson verlaat het en by Phoenix gekom het. Dis amper aanmekaar verbind, soveel plekke het ontstaan. Plekke waar ons altyd hier uitgegaan het en selfs in die woestyn gegaan het, en nou is daar motelle en tiensent winkels, ensovoorts. En, natuurlik, dit laat my oud word.

2 En toe sit ek hier langs my goeie broer hier, Broer Valdez, en ek—ek het gesê: "Wel, broer …" Ons het gepraat en ek het gesê: "Wel, natuurlik, ek word oud." Ek het gesê: "Ek besef dit, my myle bou op." Ek het gesê: "Wag tot jy by my ouderdom kom," of soiets. Ek was—ek was verbaas om te weet dat hy omtrent twaalf jaar ouer as ek was. So, ek, toe het ek toe baie beter gevoel. Ek het gesê: "Broer Valdez, ek wil hê jy … Hoe lank verkondig jy al die Evangelie?"

Hy het gesê: "Vyftig jaar."

Wel, ek was 'n baie klein kindjie toe hy gepreek het. So ek het gesê: "Ek wens jy wil net die diens neem vanmôre, Broer Valdez." Ek het gesê: "Ek—ek's 'n jong man," het ek gesê: "ek haat dit om soort van hier te sit en te probeer praat," het ek gesê: "mense ouer as ek."

En hy het net gelag, gesê: "Waarvoor dink jy het ek hierheen gery?"

So ek is baie dankbaar vir Broer Valdez. Hy het my vertel van 'n rusoord hier. Dis—dis regtig gaaf. Ek waardeer dit. Het my uitgenooi om by hulle te kom kuier een of ander tyd. En dis hier by New River. Ek weet nie of enige van julle weet waar dit is, of nie. Ek is seker, as 'n Valdez daaragter is, is dit in orde.

3 So dan, elke keer as ek by 'n konvensie kom, ontmoet ek gewoonlik iemand wat—wat genees is in die dienste of iets. En toe ek vanmôre hier by die tafel gestaan het, 'n kosbare suster wat hier oorkant sit, die naam van Erb, sy kom hier van Michigan. Haar seun is die aankondiger hier op hierdie Christenstasie. En sy het my vertel dat sy in die byeenkoms was destyds in Flint, Michigan. Sy het 'n gebedskaart gekry en het probeer om voor gebid te word, en sy het dit nooit gemaak nie. En sy is baie ernstig siek. En net hier vanmôre, ek glo God het die vrou genees toe sy hier langs die plek gestaan het.

Ek het gesê: "Wat 'n tyd nou! Dit was omtrent twaalf, veertien jaar gelede, en nou in die stad genaamd Phoenix, Phoenix is iets wat gebou is—opgebou uit ruïnes." Ek het gesê: "Wel, dis dieselfde ding wat met jou gebeur het vanmôre. God het jou opgebou, glo ek, vanmôre, van 'n—'n geruïneerde gesondheid tot goeie gesondheid."

4 Ek het net gisteraand gehoor, die oproepe het gekom, soveel. Ek is nou jou buurman, ek woon in Tucson en die oproepe was soveel dat ek nie kon uitkom om hulle almal te kry nie, so ek het net vir hulle per telefoon gebid. En hulle, toe moes hulle net hulle nommers gelos het.

En daar was 'n dame, sewe-en-tagtig jaar oud, 'n ou Christen, sy was van haar verstand af vir 'n tydjie. Sy was in die straat, het geskree, en die polisie gebel, dat iemand haar baba geneem het. Sewe-en-tagtig jaar oud, sien, haar verstand het haar verlaat. En sy was 'n dierbare ou vrou. Ek het haar nooit in my lewe geken nie. En so het Billy gelui en gesê: "Gaan onmiddellik in gebed," gesê: "die dame is ernstig en hulle dink sy gaan sterf." Gesê: "Sy is net … sy is buite haarself."

Toe het ek net die gehoorstuk opgehang en in die kamer ingegaan en gebid. Binne 'n paar oomblikke was sy aan die slaap. Sy het wakker geword, normaal en gesond, het 'n vol hoenderaandete geëet, met al die roomys en koek, daarna. Ja.

Julle sien, God is soewerein. Hy is so werklik, Hy kan … Jy hoef nie daar te wees nie; vra net—vra dit net.

Ek glo ons leier hier, vanmôre, of iemand, of miskien was dit Broer Valdez in sy gebed, het gesê: "Ons het nie omdat ons nie vra nie. Ons vra nie omdat ons nie glo nie."

5 Ek waardeer die sang van hierdie jongmense hier. Broer Valdez, ons ou mense het die opregtheid opgemerk van daardie jongman wat daardie getuienis gegee het, dat hy Jesus geken het.

Nou ons weet dat ons baiekeer vind dat hierdie klein kwartette en gesingery, ek … dit is 'n ander prediker se woord, Broer Valdez het gesê: "Partymaal kom hulle tien sent per dosyn." Want hulle lyk asof, vandag, dit—dit 'n vertoning geword het in plaas van die—die heiligheid en opregtheid wat die pinksters eens besit het.

En die opregtheid van hierdie seuns, ek—ek het dit waardeer. Die Here seën julle seuns. En ek was …

6 Ek is nie veel op televisie nie. Soos julle weet, ek is regtig daarteen. En ek huur regtig 'n plek onder in Tucson totdat ons ons plek reg kry waar ons ons huis daar gevestig sal hê, as die Here wil. En die dame wat die huis verhuur, sy is 'n goeie Christen vriend, maar sy het 'n —'n televisie in die huis gehad. Wel, ek het jong kinders en julle weet hoe hulle is, so hulle haas daarheen. So, paar oggende gelede, toe ek pas ingekom het van 'n reis saam met Broer Stromei … Ek weet nie of Broer Stromei hier is vanmôre, of nie, hy is die president van die gemeente by Tucson. My jong dogter, wat hieragter sit, het my ingeroep om te kyk, gesê: “Ons gaan die televisie aanskakel, 'n paar sangkwartette,” of wat dit ook al was.

Wel, nou, ek is 'n baie goeie kritikus en ek—ek is jammer daarvoor, maar ek—ek—ek kan niks wees behalwe net wat ek gemaak is nie. As ek iets doen teenstrydig met my eie samestelling, is ek 'n huigelaar. En ek sou dit nie voor julle mense wou wees nie. Ek—ek wil wees net wat ek is en dan weet julle hoe ons staan. En ek—ek reken ek kritiseer 'n bietjie teveel.

Maar ek het dit net in my hart gehad om dit te kritiseer, want dit het net vir my gelyk na een of ander soort Hollywood namaaksel, net 'n klomp tekereganery. Dit het nie gelyk na die heiligheid wat dit behoort te wees nie. En hulle het daardie gesange gesing in—in ruk-en-rol tyd, en goue pantoffels aan. En het dit gekom dat die Evangelie 'n vertoning geword het? Wel, ek, as dit is wat dit is, wil ek—ek niks daarmee te doen hê nie. Ek wil iets hê wat werklik en eg is en ons wil dit so hou.

Nou, ek—ek glo dat hierdie twee net hier oorgedra word, broers. Dit, hoor julle my nou beter?

7 Nou, volgende Saterdagoggend, as die Here wil, het ek die groot voorreg om by die gemeente te praat, my eerste keer, by Flagstaff, Arizona. Die broer hier, ek het net sy naam vergeet, is die president. ['n Broer sê: “Chester Earl.” — Red.] Chester Earl, Broer Chester Earl. Het pas die geleentheid gehad om hom vanmôre te ontmoet toe ek hande geskud het met die goeie evangelis hier van Indië, 'n Indiaanse broer. En hy het gesê dat ek volgende Saterdagoggend daar moet praat. Julle word almal hartlik uitgenooi om hierdie diens by te woon. Ons hoop dat die Here ons sal seën.

En dan die volgende Maandagaand, by Tucson, is 'n banket. Die Here het my die eer gegee om te praat met die … by die banket daar, een-en-twintigste dag van—van Desember, by Tucson. Julle word beslis hartlik uitgenooi om daardie banketaand by te woon.

En dan soos Broer Williams aangekondig het dat ek weer hier terug sal wees vir 'n soort van 'n klein voorspel voor die konvensie begin.

8 En, so, raak ek 'n bietjie staties daar, Broer Williams? Daar's … Ekskuus? Is dit nou beter? Dis beter. Goed.

Ek hoop beslis dat baie van julle tyd kan vind om een by te woon, of elke aand en dag, van die diens. Dit, dit begin op die sewentiende, om sewe, Sondagmiddag? [Iemand sê: “Een-dertig.” — Red.] Een-dertig. Een-dertig, Sondagmiddag. Ek wil ook sê, as die Here wil, sal ek bid vir die siekes in—in—in daardie dienste, en alles doen wat ek kan om julle te help.

9 En prediker broers hier, vanmôre, van die Phoenix area. Die rede waarom ek hier na hierdie saal gekom het, ek … Elke keer wat ek kom, maak ek gewoonlik 'n bietjie panorama en hardloop rond na die kerke, elke kerk. Dan vind ek dit soort van moeilik, want sommige van die kerke is soort van klein. En ons wil beslis nie enige broer uitlaat nie omdat sy kerk klein is, en dan maak dit dit moeilik, die mense kan nie inkom nie. So as … Ek het gedink ons sal net in een plek ontmoet en ek sal self daarvoor sorg, en ons sal net hier ontmoet en die diens hê, net 'n klein evangelistiese diens, en bid vir die siekes en dinge. Voor …

Miskien as ek oorgaan na hierdie ander, hierdie beter hier? [Iemand sê: “Nee, dit, dis die band.” — Red.] Dis die band. Goed.

10 Miskien sou dit 'n—'n bietjie beter wees as ek dit so doen. En ek wil hê my broers hier, van die kerke, die pastore hier in Phoenix, moet weet dat dit die rede is waarom ons dit gedoen het, om hier na hierdie saal te kom, sodat ons almal bymekaar kon kom in een sekere plek. En jy kan nie by al die broers uitkom nie, daar is soveel van hulle. Julle het gesien wat vanmôre gestaan het en waarskynlik is dit nie die helfte van hulle nie. So jy kan hulle nie almal kry binne 'n paar dae wat ons hier het, voor, voor die konvensie nie.

En ek is seker ons gaan 'n wonderlike tyd in die konvensie hê. Julle sal groot sprekers hoor. Hierdie Broer Cash is Cash Hamburg, Hamburg. Goeiste, hoeveel het hom ooit gehoor? Hy is beslis 'n—'n tifoon. Ja. Verskoon my, ek behoort dit nie so te gesê het nie. Dis 'n broer, maar—maar, goeiste, ek was eenkeer saam met hom. Julle weet, ek kan nie sien hoe julle ooit kan kom om my te hoor, wanneer julle so 'n kêrel kan hoor nie. Hy kan preek en sy asem raak nooit op nie. Ek—ek weet nie hoe hy dit doen nie, ek … maar hy kry beslis baie uit. Ek het saam met hom gegaan in my New York konvensie, onlangs, en hy wou

my vir—vir aandete neem na die byeenkoms. En ek het in 'n plek ingegaan, en ek was omtrent gereed om uit te gaan toe broer … Hy, hy het op-en-af op die vloer gepreek, en oral rondom, vir almal wat daarbinne was. Hy is nogal 'n—'n karakter, in homself.

11 En ek is seker julle sal ook broer van Kalifornië geniet. Wat is sy naam? Ek kan nie aan sy naam dink nie, die een is een van die sprekers. Ek—ek vergeet ook sy naam. Maar hy's 'n—'n kragtige spreker en julle sal hom geniet. Daar sal waarskynlik groot sprekers daar wees soos, julle weet, Broer Roberts en baie van die groot manne van hierdie dag.

So, ek is dankbaar om te dink aan 'n Skrif wat in my gedagtes hier opkom in hierdie tyd. En op 'n tyd het Dawid uitgekyk op die ark van die Here, wat in tente gestaan het. En hy het gesê … Hy het gesit met die profeet, Natan, van daardie dag. En so het hy gesê: "Is dit reg dat ek hier in 'n huis woon, in 'n huis van seder woon, en die verbondsark van my Here onder tent?"

En die profeet het vir hom gesê: "Doen alles wat in jou hart is, Dawid, want God is met jou." Dis al wat hy geweet het om te sê.

Maar daardie aand het die Here die profeet ontmoet en gesê: "Gaan sê vir my dienskneg, Dawid, dat ek hom geneem het van daardie skaapkraal waar hy daardie paar skape gevolg het, julle weet, en vir hom 'n naam gemaak het soos die groot manne," nie die grootste naam nie, nie die grootste naam nie, maar hom getel saam met die groot manne wat op die aarde was op daardie tyd.

En ek het gedink: "Die genade van God aan Dawid daar!" En ek het gedink: "Ek kan dit self tel. Wanneer ek die voorreg vind van hierdie dag waarin ons lewe, die afsluitingsdae van die wêreld se geskiedenis, en om getel te word onder sulke manne soos ons hierdie dienste bygewoon het." En die Here seën julle baie ryklik.

12 Nou, my goeie vriend, Broer Valdez, het gesê: "Broer Branham, ek moet vertrek om, glo ek, om kwart voor tien, of kwart oor tien." Het gesê: "Ek gaan op die punt sit, so ek sal jou nie steur—steur terwyl jy praat nie." Hy was voorheen in die dienste.

Ek's—ek's soort van stadig en moet dink, julle weet, wanneer ek praat. En ek skryf my Skrifte hier neer, en 'n nota, miskien, maar dan moet ek teruggaan en dink wat die Here vir my gesê het om te sê, julle weet, moet vir Hom wag. En ek is soort van stadig, so ek hoop ek hou julle nie te lank nie, vanmôre.

Ek het Broer Williams gevra, ek het gesê: "Broer Williams, hoeveel tyd het ek?" Ek het gesê: "Nou, ek het 'n Skrif hier gehad waaroor ek kon praat wat my net omtrent dertig minute sou neem, of iets, en almal verdaag en huis toe gaan." En ek het gesê: "Maar ek wil graag 'n lessie hê, as dit moontlik is," en oor wat ek dink dit iets vir jou sou wees vandag, iets wat jy saam met jou huis toe kon neem, om daaraan te dink.

En ek sou beslis nie opgestaan het vanmôre om drie-dertig, of twintig minute voor vier, en gereed gemaak het om hiernatoe te kom, net om gesien te word nie. Ek—ek—ek gee nie om om nie gesien te word nie. Ek—ek het hierheen gekom en gister 'n paar Skrifte bestudeer wat ek neergeskryf het, vir iets waaroor ek opreg gebid het, en gedink het miskien dat, daardeur, dit dalk iemand sou help. Ek … Ons het nie tyd vir vertonings en toneelstukke nie. Ons—ons moet begin om besigheid te doen. Ek glo Jesus kom binnekort.

13 En nou neem hulle dit op en waarskynlik kan iemand die band kry. En ek wil graag hierdie stelling maak, dat ek soms … baie keer regtig misverstaan word. En baiekeer bel mense my terug, sê: "Broer Branham, was dit die lig waarin jy dit bedoel het?" En partymaal is dit dat ons iets sê, maar jy moet weet, dit benader deur terminologie wat ek daarmee bedoel het.

En ek sê dinge partymaal wat—wat 'n bietjie teenstrydig is met miskien iemand se geloof, ek wil hê julle moet dit nou duidelik kry, iemand, wat iemand glo. Maar ek het 'n—'n Boodskap, ek's nie … van die Here, dat ek so daaroor voel. Ander mag voel Dit is van die duiwel. Ander voel dalk Dis onsin. Maar, vir my, is dit Lewe. En ek bedoel nie om anders te wees wanneer ek dinge sê wat anders is, of miskien 'n bietjie oorhaastig of snydend, vir mense nie. Ek bedoel dit nie in daardie lig nie. Ek—ek, as ek dit doen, dan is ek 'n huigelaar. Ek—ek sê dit in die lig van vooruitgang, vir God. Ek sê dit in die lig van—van—om mense te kry om God beter te ken. En ek sê dit nie omdat dit iets is wat ek self opgemaak het nie. Dis iets wat ek van God vind.

14 En nou as dit gebeur dat ek oor iets praat in enige van hierdie konvensies wat mense seermaak, of … Sê: "Ek glo Dit nie so nie."

Wel, ek het dikwels hierdie onbeskofte stelling gemaak. En my vrou wat daar sit en luister na my, sy weet daar is nie veel formaliteit by my nie. Ek—ek … Net soos wanneer jy hoender eet en jy kry 'n been. Nou, geen goeie hoenderliefhebber gooi ooit die hoender weg omdat hulle 'n been tref nie. Hy gooi net die been weg, dan gaan hy voort om hoender te eet. Dieselfde ding in die eet van kersiepastei. As ek 'n

pit tref, gooi ek—ek—ek nooit die pastei weg nie, ek gooi net die pit weg. So …

En wat ek hier sê wat mag lyk, in enige van my dienste, wat lyk soos 'n pit vir julle, wel, julle lê dit net eenkant en, sê, laat dit toe vir my dat ek nie soveel daarvan weet as wat julle sou nie. So, dan gaan jy net voort en eet wat jy dink dis reg. En ek sal …

15 Ek vertrou nou dat die Here Sy Woord sal seën. Ek is 'n vaste gelowige in die Woord en die Woord alleen. Net die Woord alleen en dis die Boodskap wat die Here my gegee het.

Ons verskil een van die ander. Ek het vanmôre opgelet, my broers, sendelinge, evangeliste en pastore wat hier staan, miskien—miskien 'n honderd of meer van hulle, wat hier staan. Elkeen van hulle is meer gekwalifiseerd om hier te staan en praat as wat ek is. Ek is seker daarvan. Maar, sien, elkeen van ons, die een kan nie die ander een se plek inneem nie. Een kan nie die ander een se boodskap neem nie. Sien, ons het ons verskillende maniere.

16 God is soewerein. Toe Hy … Wie, wie kon God sê hoe om dinge te maak, in die begin, toe daar net Hy alleen was? Sien? En as ons Ewige Lewe het, is daar net een vorm van Ewige Lewe, en dis God. So as ons die Ewige Lewe het, was ons net daar by God, 'n deel van God. Ons was Sy eienskap. Ons is nou Sy eienskap. En omdat, "In die begin was die Woord." En 'n woord is 'n gedagte uitgedruk. So ons was Sy gedagtes, toe uitgedruk in woord en word wat ons is. Dis die rede waarom ons name, miskien nie wat ons nou het nie, maar ons name is geplaas in die Lam se Boek van die Lewe voor die grondlegging van die wêreld. Sien? En as dit dan nie daar was nie, sal dit nooit daar wees nie. Sien? En Jesus het gekom om al daardie te verlos, dis, wie se name op daardie Boek was. Sien, Hy het geweet.

17 "Die pottebakker," soos Romeine 8 vir ons sê: "wie kan die pottebakker vertel? Kan die klei sê: 'Maak my *so, so*'?" Sien? Nee. God moet al Sy eienskappe vertoon. En so moet Hy een houer van oneer maak en die ander een tot eer, om daardie een te vertoon, natuurlik. Nou, maar Hy is soewerein, julle sien, niemand kan Hom sê wat om te doen nie.

En Hy maak ons verskillend. Ons word selfs vertel in die Bybel dat die sterre verskil een van die ander, een ster verskil van die ander. Julle weet, daar is 'n verskil in die Hemel, in Engele, Engelewesens; daar is Engele, daar is Gérubs, daar is Sérafs, en hulle—hulle verskil Daar. En ons is almal verskillend. En God het groot berge, Hy het vlaktes, prêries, gras, woestyn, water. Sien, Hy's—Hy's anders, Hy's 'n—Hy's 'n—'n God van verskeidenheid. En kyk na Sy mense hier vanmôre, sommige van ons wit, sommige swart, sommige bruin, sommige geel, sommige rooi; sien, dis—dis Sy mense. Hy's 'n … Hy's—Hy's 'n God van verskeidenheid, en so ek dink Hy het dieselfde ding onder Sy predikers.

18 Nou laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig, vir gebed. En ek mag dit nou sê voor ons die Woord lees. Ek weet dat as ek net 'n bietjie lank is en jy moet opstaan en uitgaan, sal ek verstaan, sien, ek sal volkome verstaan. Nou laat ons bid. En terwyl ons bid, met ons hoofde gebuig na die stof waaruit God ons geneem het, is daar iemand hier wat graag in gebed onthou wil word, steek net jou hand op. Hy, Hy weet reg wat in jou hart is, onder daardie hand.

19 Dierbare Hemelse Vader, ons nader U plegtig, met ons hoofde gedraai na die stof van waar U ons geneem het. En dan in ons gedagtes dink ons dat U vir Abraham gesê het, een aand, kon hy "die sand wat op die seestrande was, tel?" En toe het U vir hom gesê om "na die sterre te kyk," en kon hy hulle "tel?" Natuurlik was dit onmoontlik. En U het vir hom gesê dat sy "saad ontelbaar sou wees, en soos die sand op die seestrand, en soos die sterre wat die hemele verlig." Nou ons verstand, ons gedagte, ons gedagtes in ons verstand, liewer, soos ons ons hoofde buig na die sand waar ons vandaan kom; dan kyk ons harte na die Hemel, waarheen ons gaan. Van sand tot sterre, synde Abraham se Saad! Dood in Christus, is ons Abraham se Saad en erfgename saam met Hom volgens die belofte."

En ons het vanmôre hierheen gekom om gemeenskap te hou rondom die natuurlike voedsel van die lewe, wat ons geneem het, om dit uit die pad te kry. En nou is ons begerig vir U om ons te gee van daardie Hemelse Manna, daardie Voedsel wat ons krag sal gee in die Lewe wat in ons is. Soos die bloed nou hierdie voedsel wegdra, om dit te versterk, om meer selle te maak, om ons sterk te bou vir die dag; mag ons van Christus ontvang, dat Hy in ons gees kan kom, vanmôre, deur die Woord, en—en ons versterk vir die uur waarin ons lewe. Want, die dag het ver gevorder en die aandskaduwees val, die Aandlig is hier, en ons luister gou na die oproep om "in die Hoë te kom," en ons wil gereed wees in daardie uur. So, help ons, Vader.

En daar is niemand waardig om die Boek oop te maak, of om die Seëls daarvan los te maak nie; maar die Lam, wat geslag is van die grondlegging van die wêreld af, het die Boek geneem en die Seëls losgemaak. O Lam van God, kom vanmôre, maak die Boek vir ons oop en laat ons inkyk saam met U, Here, en sien wat ons moet doen om voorbereid te wees vir hierdie uur. Seën elke kerk, seën die aankomende dienste, elkeen van hulle, en ons klein diens, om saam met hulle te kom. En wanneer ons vandag hier weggaan, mag ons in staat wees om te sê soos hulle wat van Emmaus gekom het: "Het ons harte nie gebrand in ons terwyl Hy op die pad met ons gespreek het nie?" Skenk dit, Vader. Ons vra in

Jesus se Naam. Amen.

20 Nou aan julle wat graag wil blaai, gewoonlik wil julle agter 'n prediker aan lees wanneer hy gaan lees, om uit te vind net waarvandaan hy praat, of julle julle Bybels het, en sal blaai na Matthéüs die 4de hoofstuk.

En nou gaan ek my teks gee net voor ek praat; min of meer, wil dit so onderrig en dit sê soos ons aangaan. En dit het ek getitel, op een of ander manier, ek weet nie waarom nie, ek noem dit: Die Oestyd.

En ons gaan 'n Skriflesing neem om hierdie gedagte op te baseer, om die konteks van die teks hieruit te trek. Ons gaan lees Matthéüs die 4de hoofstuk, 'n gedeelte daarvan. Dit is in die versoekings van Jesus. Nadat Hy gevul was met die Heilige Gees, is Hy in die woestyn in gelei.

> *TOE is Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in om versoek te word deur die duiwel.*
>
> *En nadat Hy veertig dae en veertig nagte gevas het, het Hy naderhand honger geword.*
>
> *En die versoeker het na Hom gekom en gesê: As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word.*
>
> *Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.*
>
> *Toe neem die duiwel Hom saam na die heilige stad en laat Hom op die dak van die tempel staan*
>
> *en sê vir Hom: As U die Seun van God is, werp Uself af; want daar is geskrywe: Hy sal sy engele bevel gee aangaande U, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien u voet teen 'n klip stamp nie.*
>
> *Jesus sê vir hom: Daar is óók geskrywe: Jy mag die Here jou God nie versoek nie.*
>
> *Weer neem die duiwel Hom saam na 'n baie hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlikheid,*
>
> *en sê vir Hom: Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid.*
>
> *Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.*

21 Ek wil net 'n bietjie teruggaan, weer na die 4de vers.

> *Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.*

Nou as 'n onderwerp wil ek graag dit neem: "elke Woord wat uit die mond van God uitgaan." Nou hou dit in gedagte terwyl ons praat.

Jesus het eenkeer gesê, in Johannes 6:48, ek glo dis reg, soos ek dit vanoggend neergeskryf het: "Ek is die Brood van die Lewe." Dit was by die Fees van die Pasga, toe die Jode hulle kosjer geëet het ter herdenking van die manna wat in die wildernis geval het, en—en hulle gedrink het uit 'n fontein daar wat die Rots verteenwoordig het wat in die wildernis was, en hulle het 'n wonderlike tyd beleef. En Jesus het dadelik uitgeroep, in hulle midde, en Hy het gesê: "Ek is die Brood van die Lewe. Julle vaders het manna geëet in die woestyn vir 'n tydperk van veertig jaar en hulle is almal dood. Maar ek is daardie Brood wat van God uit die Hemel kom. As 'n man daarvan eet, sal Hy nie sterf nie." En vir die rots, het Hy gesê: "Ek is daardie Rots wat in die woestyn was. Ek is daardie Rots waaruit julle vaders gedrink het."

"Hoe?" Hulle het gesê: "Jy is 'n man nie meer as vyftig jaar oud nie en sê dat Jy Abraham gesien het? Nou weet ons dat Jy 'n duiwel het en mal is."

En Jesus het gesê: "Voor Abraham was, IS EK." Sien: "EK IS" was die Vuurkolom wat in die bos was, wat met Moses gepraat het. En as jy dit sou uitmaak in sy naamwoorde en voornaamwoorde, nie "Ek was, Ek sal wees" nie. "EK IS" is teenwoordige tyd, die heeltyd.

22 Ons dink hieraan dat Hy sê, Hyself nou, dat: "Ek is daardie Brood van die Lewe." Nou hoe kon hierdie man Brood van die Lewe wees? Dis wat ons wonder. "My liggaam is Brood," het Hy gesê. En nou hoe kon hierdie man Brood wees? Dis soort van vreemd, maar moenie verwar wees daaroor nie. Mense van Sy tyd het verward geraak daaroor. Hulle het nie geweet hoedat hierdie man werklik Self Brood kon wees nie. Ook in Johannes 1, word dit vir ons so gegee dat: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon." So, die Woord het

die Brood geword. Die Woord en die Brood hier sou dieselfde moes wees, want Jesus is die Woord en Hy is die Brood.

Nou hoe kon Hy Brood en Woord wees? Al die … Dit sou verwarrend wees vir die vleeslike verstand. Maar ons hoop vanmôre dat daar geen vleeslike verstand onder ons is nie, dat daar 'n geestelike verstand onder ons is, dat ons kan verstaan wat die Vader hier by ons probeer tuisbring. Om hierdie woorde te sien is verwarrend, maar terselfdertyd is dit Skriftuurlike Waarheid, sien.

"Nou hoe kan hierdie man Brood wees?" Dis wat hulle gesê het. Dis wat, glo ek, Josefus, baie van julle geskiedkundiges … soos ek dit bestudeer het.

23 Nou ek skryf 'n boek, my kommentaar op die eerste vier hoofstukke van Openbaring, hoop om dit binnekort uit te hê. Dit sal 'n groot boek wees. Dan sal ek 'n brosjure hê van elke kerkeeu.

En ek het kerkgeskiedenis bestudeer. Ek … dit was soort van in my gemoed, ek glo dit was Josefus, wat, een van die vroeë skrywers, in elk geval, wat gesê het dat: "Hierdie Jesus van Násaret, Wat die siekes gaan genees het," gesê: "Sy dissipels het Hom opgegrawe en Sy liggaam geëet." Sien, hulle het die nagmaal geneem. Hulle het gedink dat hulle Sy liggaam opgegrawe het en Sy liggaam geëet het. Wat, ons eet wel die nagmaal, of neem die nagmaal, in simboolvorm, van Sy liggaam, want Hy was die Woord.

Nou, sien, dit is verwarrend. En terselfdertyd is daar Skrifte. En Jesus het gesê: "Die hele Skrif moet vervul word." Sien? Nou, ons wil altyd ons gedagtes afsny van enigiets teenstrydig met daardie Skrif. Moet nooit, nooit, enige tyd, daardie Skrif vir enigiets verlaat nie, nie een Woord Daarvan nie. Bly presies by daardie Skrif.

24 Nou, God moet die mense eendag oordeel. En as Hy die mense gaan oordeel volgens 'n kerk, watter kerk sal dit wees? Hulle sê: "Die Katolieke kerk." Wel, dan, watter Katolieke kerk? Sien? Omdat hulle verskil met mekaar, erger as wat hulle met ons is. Sien, hulle verskil, een … Hulle is al die verskillende vorms van hulle, die Roomse en die Ortodokse, en die Joodse man en, o, baie verskillende stamme van hulle. En hulle is beslis aan mekaar se kele, so watter een van daardie Katolieke kerke? As Hy dit doen deur die Protestantse kerk, watter Protestantse kerk? Elkeen verskil van die ander.

Maar Hy gaan die wêreld oordeel en Hy moet een of ander standaard hê om die wêreld volgens te oordeel, of Hy sou onregverdig wees om ons nou te laat gaan en—en hierdie lewe te lei sonder 'n standaard om volgens geoordeel te word. Wie sou reg wees? Waar kon jy sê wat reg was? Daar moet 'n standaard wees.

25 En Hy het gesê, in Sy Bybel, dat Hy die wêreld sou oordeel volgens Jesus Christus. En ons lees hier dat Jesus die Woord is. In Hebreërs 13:8, gesê: "Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd." So, daarom sal Hy die kerk oordeel volgens hulle gesindheid teenoor Christus, Wie die Woord is. "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan." Nie uit die mond van die mens nie, nie uit die kweekskool nie, nie uit die—uit die kerk nie, maar: "uit die mond van God." Die mens moet Daarvolgens lewe en Dit alleen; nie die mens se interpretasie nie, maar God se Eie Woord!

"Wel," sê jy: "daar is 'n fout *Hier*." As dit is, is God verantwoordelik daarvoor. Hy het dit vir my gebring, sien. Dit is wat ek moet neem, net hier is wat Hy gesê het.

Nou, as dit soort van verwarrend is en oor "'n man wat Brood is en Woord is," laat ons nou gaan soek hierna. Laat ons uitvind. Want, die Skrifte is almal waar en hulle—hulle kan nooit verbreek word nie. Elke Skrif sal vervul word. Maak nie saak hoe vreemd dit lyk nie, Dit, dit sal altyd vervul word.

26 Wat as—as Broer Williams of—of sommige van die broers hier, ons oor-oupagrootjie, albei op die toneel kon verskyn, vanmôre, en, sê, wel, vir hulle televisie wys? En miskien het iemand geprofeteer destyds in hulle dag en gesê: "Daar sou 'n tyd wees dat jy 'n stem om die wêreld kan hoor."

Hulle sou sê: "Wel, laat die arme ou kêrel alleen, hy het sy verstand verloor."

"En daar sal 'n tyd wees dat kleur reg deur die lug sal vloei." Dis nou reg hier. "En hulle sal 'n klein knoppie aanskakel en om die wêreld sal julle mense sien beweeg, en dinge, reg op die skerm."

"Wel," sou hulle sê: "die arme ou kêrel!" Sien? Maar nou het ons dit, reg in hierdie kamer vanmôre.

En ek wil julle bewus maak daarvan, voor ons verder aangaan, dat God in hierdie kamer is. Die Outeur van hierdie Woord is hier. So, dit maak nie saak hoe jy aangetrek is, of tot watter mate jy in die lewe lewe, of watter soort huis jy in woon, of watter tipe motor jy ry, of hoeveel geleerdheid jy het nie, God kyk na jou hart. En Hy kyk in my hart. En ons word uit ons hart geoordeel, nie eens ons woorde nie. Ons hart oordeel ons. "Uit die hart spreek die mond." As dit nie is nie, is dit skynheiligheid.

27 Nou, in hierdie kamer kom nou mense, vorms van menslike wesens, wat hier deurgaan, van regoor

die wêreld, stemme wat sing, is nou in hierdie kamer. Maar, julle sien, jy is net beperk in jou sintuie tot 'n sekere persentasie sig. Maar nou kan jy die kristal neem, of die buis of wat ookal in die televisie is, en dit aanskakel en met die stel wat dit kan herlei op daardie eter—etergolwe, en dit herlei, om dit in 'n kanaal te kondenseer, en tel daardie mense op; iemand in Australië, Suid-Afrika, of waar, Indië, of waar dit ookal mag wees. Jy kan hier staan, op 'n skerm, en selfs die kleur van klere sien wat hulle het, die kleur van die bome, en elke beweging wat hulle maak. Skakel net die televisie aan, kyk of dit nie so is nie.

28 Dan, dit moet iewers wees, weggesteek van ons oë, daardie selfde ding gaan nou hier deur. Dit het hier deurgegaan toe Abraham God hoor sê het: "Kyk op na die sterre." Dit was hier toe Elía op Berg Karmel gesit het. Dit was hier toe Adam hier was, maar hulle het dit nou net ontdek.

En so is God hier, en die Engele. En eendag sal dit net soveel werklikheid wees as wat televisie of enigiets anders is, want die Gees sal ons in daardie onsterflike Lewe bring. Dan sal ons verstaan. So, dan, ons praat uit Sy Woord. Nou, dit, ons gaan probeer …

29 God, God die groot Skepper, laat ons probeer praat oor die vorm van die natuur, Hom eers in die natuur optel, om dit terug te bring na die Woord. Nou, die natuur loop net met die Woord, want God is 'n Skepper van die Natuur. Wanneer jy sien hoe die natuur werk, die … vind uit dat dit die manier is. Dit, dis my eerste Bybel, was om uit te vind hoe die natuur … het God in die natuur gevind. En koring is die natuur se produk, brood, maak brood daaruit, wat die natuurlike liggaam onderhou. Die natuur hou baie geheime. Ons … en dis my eerste keer om God te vind, was om die natuur dop te hou. Ek het gesien daar moes iets wees. En nou, ek het geen geleerdheid nie, daarom praat ek baie volgens die natuur. En dit is … Ek probeer nie onkunde ondersteun nie. Maar ek probeer sê jy hoef nie eens 'n geleerdheid te hê om God te ken nie.

30 Johannes die Doper, die voorloper van Christus, toe hy uit die wildernis gekom het. Ons word geleer dat hy in die wildernis ingegaan het op die ouderdom van nege en hy het daar gebly omdat sy werk belangrik was. Sy vader was 'n priester. En in daardie sekere lyn van priesterskap, of denominasie, o, het sy vader gesê: "Nou, Johannes, jy weet jy moet die Messias bekendstel. Jy weet, daardie Broer *So-en-hier* maak net perfek die Messias!" So Johannes moes wegkom daarvan, hy sou in die wildernis by homself kom, want dit moet God se keuse wees en nie die mens se keuse nie, glad nie, wie die Messias sou wees. So, hy het daar ingegaan op die ouderdom van omtrent nege jaar oud.

En, julle let op, toe hy uitgekom het op die ouderdom van dertig, was sy preke nie as 'n teoloog nie. Hy het nie groot geswelde woorde gebruik nie, maar dit was alles op die natuur. Hy het vir daardie kerkmanne van daardie dag gesê, hy het gesê: "Julle geslag van slange." Dis wat hy in die wildernis gesien het, slange. Hy het slange gehaat. Hulle was giftig. In hulle slagtande het hulle doodsgif gehad en hy het dit uitgespreek oor die kerk van daardie dag: "Julle klomp giftige slange, wie het julle gewaarsku om te vlug van die toorn wat kom? Moenie begin sê: 'Ons behoort *hieraan*,' en: 'Ons is die—ons is die Jesuïete,' of 'Ons is die *so-en-so*,' of: 'Ons behoort aan die Metodiste, Baptiste, Presbiteriane,' of wat dit ookal is. Moenie begin sê julle het dit nie, want, ek sê julle, God is in staat om uit hierdie klippe kinders van Abraham op te wek." Sien?

31 En ook: "Die byl," dis wat hy in die wildernis gebruik het: "dit sal lê by die wortel van die boom. En elke boom wat nie goeie vrugte—vrugte voortbring nie, word afgekap en in die vuur gegooi." Sien, hy wou nie 'n boom kap wat vrugte gebring het nie, want hy het gelewe deur die vrugte van die boom. Maar die boom wat nie vrugte gebring het nie! O, jy kan net die hele Skrif neem, is so geïnspireerd, totdat alles daarbinne inpas rondom Jesus Christus. Julle sien: "Elke boom wat nie goeie vrugte voortbring nie, word afgekap en in die vuur gegooi," ensovoorts. Julle sien, hy—hy het sy boodskap in die natuurryk gebruik.

32 En ons wil dit nou in die gesig staar omdat ons gevind het dat Hy gesê het: "Ek is die Brood. En die mens sal van elke Woord lewe en Ek is die Woord." Sien? So ons wil teruggaan in die natuur. Ek let baie keer op dat ek dit moet doen.

En die natuur loop op dieselfde skaal. Jy neem die tyd wat jy kyk hoe al die voëls vergader, vertrek en uitgaan in die veld en gaan eet. Kyk na al die beeste wanneer hulle buite is, verspreid in die veld, aan die eet. Laat sak jou lyn, vis sal byt. Maar wanneer daardie beeste … Daardie voëls saamdrom in die bome en daardie beeste in die hoek gaan staan, kan jy net sowel jou lyn optrek. Hulle sal nie byt nie, want die natuur loop op dieselfde skaal die heeltyd.

33 En so loop die Woord van God in kontinuïteit. God doen altyd alles wat Hy doen op dieselfde skaal. Hy het besluit aan die begin, wanneer die mens sy gemeenskap met Hom verloor, sou Hy hom red deur die gestorte bloed van 'n onskuldige. En Hy het nooit Sy metode verander nie. Ons het hulle daarin probeer opvoed, hulle daarin gedenomineer, en—en hulle daarin gesmeek, hulle daarin geslaan, of hulle daarin geskree. Dit bly steeds dieselfde, die gestorte Bloed alleen is waar God 'n gelowige ontmoet.

Nie, ons kan nie een Wêreldraad van kerke maak en almal ontmoet nie. Dit sal nooit werk nie; dit het

nooit, dit sal nooit. Dis hoe ek teen daardie stelsel is. God het 'n stelsel. Julle het dit vandag hoor sê: "Al die kerke kom bymekaar, dit gaan 'n Wêreldraad van kerke wees. En Jesus het daarvoor gebid, dat ons 'almal een mag wees.'" Wel, nou, julle sien, dis vleeslik ingestel, sonder om die Gees te ken.

34 Jesus het gesê: "Dat hulle een mag wees, Vader, soos U en Ek een is." Nie vir een of ander man om oor iets te wees nie, dit sal nooit werk nie; een denominasie wil die ander oorneem en een man oor die ander een. Maar dat julle een mag wees met God, soos Christus en God een was, dis wat die gebed is. Dat, Hy was die Woord en Jesus het gebid dat ons die Woord mag wees, Hom reflekteer. Dis Sy gebed om beantwoord te word.

Sien julle hoe Satan dit in die vleeslike gemoed opskroef? Maar dit was glad nie Jesus se gebed nie, dat ons almal saam mag vergader en almal 'n sekere geloofsbelydenis, ensovoorts, het. Elke keer wat hulle dit doen, gaan hulle verder en verder van God af.

Hy wil hê ons moet een wees met God, en God is die Woord. Elke individu in sy hart moet so een met God wees.

35 God het geweet dat, hierdie, al hierdie dinge het so uitgewerk. Nou dis hoe ons God een of ander tyd vind, is om in die natuur te kyk. Seisoene wat wissel, bewys God. Dis waar ek dit die eerste keer gevind het, hoedat daar 'n lewe is wat in die lente opkom, dit lewe sy lewe, 'n saad voortbring, sterf en in die grond ingaan, kom terug in die opstanding, wentel net om. Ons kon ure daaraan spandeer.

Maar nou hoe verskillend is dit van soos, ons sendelingbroer hier, in Indië. Ek vind baie daar oorkant en regoor die wêreld, hulle glo in reïnkarnasie, dat, hulle, dat jy hier sterf as 'n man en jy terugkom as 'n voël of 'n dier. Sien, dit spreek nie met die natuur nie.

Die natuur praat dat hierdie selfde saad in die grond ingegaan het, dieselfde saad kom weer op. Sien? Dieselfde Jesus wat afgegaan het, is dieselfde Jesus wat teruggekom het. Halleluja! En hierdie liggaam, wanneer dit in die grond val, sal dit nie as 'n blom of iets anders terugkom nie, dit sal as 'n man of 'n vrou terugkom. Ons sien dit in die natuur hoe dit gebeur, dit moet deur die koue winters gaan en verrot, ensovoorts, maar die lewe word bewaar as daar enige lewe daarin is.

36 Maar as, daar, as daardie saad nie ontkiem het nie, sal dit nooit weer opstaan nie; dit kan nie opstaan nie, daar is niks daarin om dit op te rig nie. En as ons net 'n nominale Christen word … Daar is twee kerke in die wêreld, kerk natuurlik, kerk geestelik, hulle word almal "Christene" genoem. Maar die natuurlike kerk kan nie opstaan nie. Dit doen sy opkoms nou in die Wêreldraad, raad van kerke.

Maar die Christen staan op om Christus te ontmoet omdat Dit 'n Bruid is, om te gaan om Hom te ontmoet. Daar is 'n verskil in hulle. Die natuur hou hierdie geheime vir ons en ons kan hulle sien soos ons hulle dophou. En ons sien dat Christendom die Waarheid spreek, van dood, begrafnis, en opstanding.

37 As daar dan 'n koringbrood is waarvan ons weet ons almal lewe, en ons weet dat daar net een manier is waarop ons ooit kan lewe, is deur dooie stof in ons liggaam in te neem. Jy kan nie op enige ander manier lewe nie.

'n Vegetariër het my ontmoet nie lank gelede nie, hy het gesê: "Broer Branham, ek het baie vertroue in jou gehad totdat ek jou hoor sê het jy eet spek en eiers vir ontbyt." Sien? En gesê: "Hoe kan 'n godvresende man soiets eet?"

Julle sien, ek het gesê: "Wel, wat is verkeerd daarmee?"

Alle dinge is onrein, maar dis geheilig deur die Woord van God en gebed. Die Bybel het gesê: "As jy 'n goeie prediker van Jesus Christus is, sal jy die broer aan hierdie dinge herinner. Sien, alle dinge is geheilig, niks om te weier as dit met danksegging ontvang is nie." Een Timótheüs … 3. Nou vind ons dat dit waar is. So ek het gesê, ten minste …

Ek het gesê: "Wel, moet jy nie ook iets dood eet nie?" "O, nee, meneer!"

Ek het gesê: "As jy enigsins lewe, moet jy deur dooie stof lewe. As jy brood eet, het die koring gesterf. As jy groente eet, het dit gesterf. Wat jy ookal gedoen het, selfs om te melk, jy drink die bakterieë. Jy het." Jy kan net van dooie stof lewe.

38 En dan as iets moes sterf sodat ons fisies kon lewe, hoeveel te meer moes iets nie sterf sodat ons Ewiglik kon lewe nie! Dit neem dood om dit te doen. Brood! Siende dat Jesus gesê het: "Ek is die Brood," en daar's 'n koringbrood en Hy was nie daardie soort brood nie, so daar moet twee soorte lewens wees wat deur brood onderhou word. Dit sou ons daarheen lei. Daar kan nie wees … Hy is nie, Hy was nie koring nie; en Hy was nie Woord nie, Hy was vlees, so daar moet twee soorte lewe wees. Ons weet dat koring sterf sodat ons fisies lewe, soos ek gesê het. Jesus, die Woordbrood, het gesterf sodat ons Ewiglik kon lewe. Hy was die Woordbrood. Nou let op, hou dit in gedagte. Nou om Jesus se Woorde as waar te bewys, sien ons hierin, in die natuur, hoe dit gaan.

Nou laat ons na die Skrif gaan, om weer uit te vind, terug in die Skrif totdat ons by ons hoofteks kom. In die tuin het God Sy eerste familie die Woord van God gegee om volgens te lewe, elke Woord daarvan. Die eerste familie wat hier op die aarde geplaas is, is Ewige Lewe gegee solank hulle by God se Woord gebly het.

Dit was Sy plan. "Ek is God," sê Hy: "Ek verander nie." Dis steeds Sy plan. Dis nooit Sy plan vir geloofsbelydenis, of organisasie, of mensgemaakte reëls, waarvolgens die mens sal lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan.

39 Nou om terug te gaan in Génesis, wat die begin is. Génesis beteken "die begin." Ons vind dat God Sy familie Ewige Lewe gegee het solank hulle in hierdie Woord gebly het en volgens hierdie Woord gelewe het. Maar toe hulle dit gebreek het, net een skakel in die ketting van beloftes, het die dood hulle getref, wat ook 'n belofte was.

Dis 'n ketting. Jy hang oor die hel daarmee en dis die enigste ding wat jou sal deurdra. Wanneer die gelowige 'n skyngelowige word en lewe op een woord wat teenstrydig is met hierdie Woord, sny hy sy gemeenskap met God. Een skakel het gebreek! En, onthou, jou geloof in hierdie Woord is soos 'n ketting. 'n Ketting is sy sterkste by sy swakste skakel. Dis reg. Dis die sterkste, dit, want dis al wat dit sal hou. En as daar iets in die Woord is wat vir jou verwarrend is, iets wat jy anders gehoor het, maar hulle het gesê: "U? O, dit was vir die apostels en daardie dinge was vir dae wat verby is," toe die Skrif gesê het Jesus Christus is dieselfde gister, vandag en vir altyd, moenie dat dit 'n swakheid wees nie! Versterk Dit en hou Dit vas en draai jou lewe Daarin, want dis die enigste ding wat jou oor die vlamme van die hel sal neem. Dis reg.

40 Toe hierdie ketting gebreek is met Adam en Eva, die eerste familie, onthou nou, hulle het nie 'n sin gebreek nie, hulle het nie drie Woorde gebreek nie; een Woord! Die mens sal oor die hel hang deur elke Woord, elke Woord wat uit die mond van God uitgaan. Dis waar die mens se Ewige bestemming bepaal word. Wel, hy sal aan daardie ketting hang, of hy sal aan 'n geloofsbelydenis hang; of as daar geloofsbelydenis in die ketting gemeng is, daar is waar die swak skakel is, en jy is weg. Dis waar die swak skakel met Adam en met Eva was. Daardie swak skakel, "sekerlik," het hy gesê: "God …" Maar sekerlik het God dit gesê! En as God dit gesê het, het God dit bedoel. En Hy hou ook Sy Woord deur te sê: "Die dag dat jy daarvan eet, daardie dag sterf jy." Die dag wat jy enigiets anders in jou insit behalwe die onvervalste Woord van God, in jou siel, dis die dag wat jy van God geskei is.

Nou dit is baie sterk, maar luister net mooi. Nou let op. Een Woord, een Woord van die eerste van die Bybel, God het gesê dat: "Een Woord het die mens geskei van sy Ewige Lewe Ketting."

Dis soos om 'n man te neem en jy hang hom aan sy voete … hy het sy hande in die Hemel en jy sny hom middeldeur, breek 'n toon af, waaraan jy ookal hang. Jy hang aan die heel onderste deel en as jy daardie ketting breek, enige plek, is jy weg. Nou hou dit in gedagte.

41 Onthou, die Bybel het gesê: "In die mond van drie getuies, laat elke woord bevestig word." Ons sal daarby kom binne 'n paar minute, oor die drie versoekings van Jesus; die drie versoekings van predikers, vandag, waar hulle die val maak; drie versoekings van die kerk en waar hulle val; drie versoekings van 'n organisasie, waar dit sy val maak; en die drie versoekings in die individue en waar hulle val. Nou, dit loop alles in drieë; soos regverdigmaking, heiligmaking, doop van die Heilige Gees; Vader, Seun, Heilige Gees. Alles word vervolmaak in drieë.

42 Nou let op God, in die begin, die heel eerste ding wat Hy Sy kinders gegee het om volgens te lewe, was Sy Woord. Nou vind ons dit is die waarheid. Dan in die middel van die Bybel hoor ons Jesus kom en sê dat: "Die mens sal lewe van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan." En dan in Openbaring 22:18, het Jesus Self weer gepraat, gesê: "Ek getuig van hierdie dinge. As enigeen een woord Hierby sal voeg, of een Woord van hierdie Boek wegneem, sal sy deel uit die Boek van die Lewe geneem word."

Nou, sien, dis nie ons goeie lewe nie; dat iets net daarmee saamgaan. Dit is nie ons—ons kerklojaliteit nie; dit gaan daarmee saam. Maar die hoofsaak is, bly by daardie Woord. Moet niks anders as daardie Woord eet nie. Bly Daarby. Hy is daardie Woord. Nou wil ons nou mooi dophou.

43 Wat is die verskil in hierdie brood, van die skepping, om te lewe? Nou, koring is die brood van die lewe, as dit nie 'n bastergraan is nie, sal dit … hulle begrawe en dit sal weer opkom. Dit moet 'n goeie ryp korrel wees. Gebrekkige korrels sal nie opstaan nie. Ons weet dit almal. Broer Sothmann, wat hier sit, 'n koringboer van Kanada, weet dat jy nie foutiewe korrels in die grond sit om 'n oes daaruit te verwag nie. Want, die kewer of die—of die bakterieë wat in die graan is, vreet dit op, vreet eers die lewe daaruit.

Het julle geweet dat die einste wurms wat julle sal vernietig, wat julle liggaam sal opvreet, is nou in hulle? Job het gesê: "Al vernietig my velwurm hierdie liggaam!" Sit jou in 'n doodskis en verseël dit, lugdig; steeds sal die wurms wat in jou is, jou opvreet.

Jy vind meel en goed, en sit dit 'n rukkie neer, dit kry 'n gogga daarin, verseël dit. Wat is dit? Daardie gogga is daarbinne, om mee te begin. Dis daar, om mee te begin.

44 Nou, hierdie korrel moet 'n goeie korrel wees. Dit moet vry wees van foute, mislukkings, ensovoorts, daarin. Dit moet 'n volbloedkorrel wees. Dit kan nie 'n bastergraan—graan wees nie, want, wanneer dit opkom, plant jy dit weer, en jou—jou koring is klaar, want 'n bastergraan sal nie weer groei nie. Dit kan nie weer groei nie. Jy neem die lewe daaruit wanneer jy dit verbaster.

En dis wat met die kerke gebeur het. Hulle is verbaster met die wêreld en dis die rede waarom elke herlewing kom, en jy kan nie nog 'n herlewing daaragter hê nie. Elke organisasie wat ooit georganiseer het, sterf op die plek en staan nooit weer op nie, want dit organiseer die wêreld in sy stelsels in, daarom het dit nooit. Daar is geen geskiedenis wat ooit wys dat enige kerk, wat ooit georganiseer het, ooit weer opgestaan het nie. Sy het daar gesterf. Hoekom? Julle verbaster dit.

45 Moenie 'n biskop daaroor sit nie. Laat die Heilige Gees daaroor bly. Sien? Die Heilige Gees is gestuur om die onkruid en dinge uit te hou; nie wat die biskop dink, of die opsieners, ensovoorts, nie. Dit neem die Heilige Gees om daardie kerk in sy toestand te hou. Hy was daardie volmaakte Woord, soos ons sal sien.

Adam het sy keuse gehad, die Woord en lewe, of glo nie een Woord nie en sterf.

Ons het dieselfde keuse, want ons moet wees. As God Adam op die Woord geplaas het en die Woord alleen, dan plaas Hy ons op 'n geloofsbelydenis of enige soort van 'n geloofsbelydenis, dan is God onregverdig in Sy oordeel, dit is nie Sy heiligheid of Sy soewereiniteit nie. Maar dit is paslik vir Sy soewereiniteit om te sien dat Hy elke mens op dieselfde basis plaas. En Hy is God en verander nie. Wat God eerste doen, doen Hy vir altyd dieselfde ding. Hy verander nooit Sy—Sy program nie. Enigste ding, Hy vergroot dit, maar Hy verander dit nooit. Dieselfde ding gaan voort.

46 Nou, Adam het 'n keuse gehad. En as hy aan die Woord vasgehou het, het hy gelewe. As hy nie aan die Woord vasgehou het nie, het hy gesterf.

En ons het dieselfde ding. Ons bly by die Woord, ons lewe. "Die mens sal van elke Woord lewe." Maar as ons dit nie doen nie, sterf ons, sterf ons geestelik. O, ons kan steeds geraas maak, sekerlik, rondskop en skree en aangaan, maar, dit, dit is nie—dit lewe nie. Dit is nie lewe nie. Ek is 'n sendeling. Ek het heidene meer hoor skop en skree as wat ons kon, en bely om gode te ken, en sulke dinge. Hulle lewe nie. "Hulle is dood terwyl hulle lewe." Bybel het so gesê. Nou vind ons dat hierdie keuse vir ons gegee is.

Maar hy het toegegee aan Satan se een woord, toe gesterf.

En as, die begin, wat God in Sy genade en barmhartigheid kon verbygaan al die lyding wat ons gedoen het, al hierdie sterftes van klein babatjies, en alles, en die oorloë, en innerlike, en kruisigings, en dinge wat ons gehad het; as Hy dit kon omseil het, sou Sy soewereiniteit van Sy Woord Hom toegelaat het om dit te omseil, sou Hy onregverdig gewees het as Hy dit dan nie omseil het nie. Begryp julle dit? Hy kan dit nie omseil nie. Hy het dit nooit vir Adam omseil nie, om mee te begin. En Hy sal dit nie vir jou of my omseil, om mee te begin nie. Ons moet by daardie ding kom, die Woord alleen. "Laat elke mens se woord 'n leuen wees, en myne waar wees," het Hy gesê.

47 Nou kyk ons net na watter dag ons in lewe, die oestyd.

Toe het God, nadat Adam geval het (beproef deur die Woord en geval), het God voortgegaan in Sy skepping om 'n man te probeer vind wat elke Woord sou uitleef. Nou kyk. Hy het die mens probeer vind, dit is, wat die Woord vir sy eeu leef. Nou, julle sien, God het Sy Woord versprei, want Hy kon.

Hy is, Hy is oneindig en Hy is—Hy is alomteenwoordig. Alwetend, daarom weet Hy alle dinge. Hy kan nie oral teenwoordig wees nie. Deur alwetend te wees, alle dinge te weet, dan kan Hy oral teenwoordig wees. Want dis hoe Hy ons voorbestem, deur voorkennis, nie omdat Hy begeer het dat *hierdie* persoon gered moet word en *hierdie* een verlore gaan nie. Maar Hy het geweet wie sou verlore gaan en wie sou gered word. Sien? Daarom, deur Sy voorkennis kan Hy voorbestem. En Hy laat alles werk tot Sy eer. Dis wat Sy eienskappe doen, vertoon tot Sy heerlikheid. Een voorwerp van eer en een van oneer, maar dis God wat dit maak. "Nie hy wat wil of hy wat hardloop nie, maar God wat barmhartigheid bewys." Sien?

48 "Niemand kan na My toe kom nie," het Jesus gesê: "behalwe as my Vader hom trek. En alles wat die Vader," verlede tyd: "aan My gegee het, sal na My toe kom, na die Woord." Hoe kan hulle kom tensy hulle almal was, almal is, hulle voorbestem was om te kom? "Soveel as wat Hom ontvang het, aan hulle het Hy die krag gegee om seuns van God te word." Sien, omdat hulle name op die Boek was, het Hy gekom om te verlos wat op die Boek was.

In Openbaring vind ons uit, toe die Seëls geopen is, was daar 'n Boek. En Hy wat op die Troon gesit het, God, het Dit in Sy regterhand gehad. En daar was niks, niemand, in die Hemel of op aarde, of enige

plek, wat waardig was om die Boek te kom neem, of om selfs Daarna te kyk nie. Johannes het geween met groot … omdat die hele Boek van verlossing daar was.

49 Dit was by die byeenkoms nou die aand, daardie klein Gemeente van God broer en suster het daardie lied gesing: "Ek wonder of Johannes my gesien het toe hy al die nasies sien vergader het. Het hy my gesien?" Sekerlik, hy het, as jou naam op daardie Boek was. En toe …

Johannes se naam was ook daarop en hy het geween omdat daar niemand was wat Dit kon aanraak nie. En toe het een van die ouderlinge gekom en gesê: "Moenie ween nie, Johannes, want die Leeu van die Stam van Juda het oorwin."

En Johannes het rondgekyk om 'n—'n leeu te vind, en vanagter die gordyne het 'n Lam uitgekom, 'n Lam wat geslag is van voor die grondlegging van die wêreld af. Toe het hy 'n bebloede Lam sien uitkom, en Hy het gekom en die Boek uit die regterhand van Hom geneem, en alles geroep wat op daardie Boek was. Dis die volledige Boek van verlossing. En *dit* is Dit. Die Boek van verlossing, Hy het alles verlos wat in daardie Boek was, nie uit die Boek nie. Enigiets wat 'n begin gehad het, het 'n einde. Maar as jy Ewige Lewe het, het jy nooit begin nie en kan jy nie eindig nie, want julle is seuns en dogters van God, eienskappe van Sy gedagtes en Sy Woord. Jy het geen einde van die Lewe as jou naam op daardie Boek is nie. Die Lam het gekom om Dit te verlos. Nie almal wat "Christene" bely nie, nie almal wat goed en heilig probeer lewe nie; maar diegene wie se name daarop geskryf was, Hy het dit verlos en dit alleen, wie se name in die Boek was.

50 Nou vind ons uit dat Satan Adam laat val het, deur daardie een woord. En God het nou voortgegaan in Sy skepping om een man te probeer vind wat volgens elke Woord sou lewe. Sy eerste mens het gefaal. En hierdie man sou sy tyd leef, sy eeu waarin hy gelewe het.

Nou, sien, daar is verskillende eeue wat God van die begin af geprofeteer het, wat oral sou plaasvind. Dis waarom Hy die einde van die begin af kon sê, is omdat Hy alle dinge geweet het. Hy het alle dinge gemaak deur Jesus Christus, en vir Hom, en vir Sy Eie plesier. Let nou mooi op. Moet dit nie mis nie.

51 Wat as Moses sou gekom het om Noag se boodskap te bring? Dit sou nie gewerk het nie. Kon nie. Nee.

Wat as Jesus sou gekom het om Moses se boodskap te bring? Dit sou nie gewerk het nie.

Wat as ons kom, probeer om die Metodiste boodskap, Baptiste boodskap, of die Pinkster boodskap te bring? Dit sou nie werk nie. Hulle was goed; bewys dit binne 'n minuut, deur die Woord. Hulle was reg in hulle eeu. Daardie eeu is verby. Ons moet uitvind wat die Skrif vir vandag sê. Hierdie dag, dis waarvolgens die mens moet lewe vir sy eeu.

Hy het 'n man probeer vind wat die hele Woord sou uitleef.

52 Eerste ding wat Hy gedoen het, Hy het Noag beproef. Noag het Hom gefaal; het dronk geword, hy het gefaal.

Moses, daardie groot magtige meesterstuk van God, Hy het hom beproef en hy het gefaal. Hy het homself verheerlik en was nie toegelaat om in die beloofde land in te gaan nie.

Toe kom Dawid, dat Hy Sy—Sy … die groot Millennium in Dawid sou weerspieël, en Hy sou wys wat Sy Koning was. En God het by Dawid gesweer, Hy sou opwek die … Sy Seun opwek om op sy troon te sit. En Dawid was so 'n dapper man, tot: "hy was 'n man na God se Eie hart." En Dawid het goed gedoen. Hy het al die Filistyne verslaan en die altare afgebreek en by die Woord gebly. En uiteindelik het 'n mooi vrou hom ontstel en hy het die gebod verbreek, die Woord verloor, egbreuk gepleeg. Sien? 'n Man na Sy Eie hart, sien, steeds het Dawid Hom gefaal.

Moses het Hom gefaal, al die res van hulle het Hom gefaal, maar hulle hele lewe was net refleksie van die Een wat sou kom.

53 In die Boek van Openbaring, soos ek skryf, een man wat vertaal of grammatiseer … My grammatika is so swak, ek het 'n—'n goeie geleerde om dit te grammatiseer, die regte naamwoorde en voornaamwoorde bymekaar te sit. Wat, ek weet nie wat die verskil is tussen 'n naamwoord en 'n voornaamwoord nie. Maar, maar hy doen dit en hy sit hulle almal … Ek weet, enigste ding wat ek weet, God gee Dit vir my en ek skryf Dit net neer, sien. En hulle, hulle moet dit so stel as dit in skole en dinge ingaan, hulle—hulle weet wat dit meer kan lees op hulle manier van verstaan. En toe het die skrywer vir my gesê, die grammatika, die man wat dit grammatiseer, het vir my gesê, hy het gesê: "Maar, Broer Branham, ons vind in die Pérgamus kerkeeu … Dat Jesus hier gesê het: 'hy wat oorwin, Ek sal hom die Môrester gee.' Gee hy hom die Môrester?" Hy het gesê: "Nou hoe kon hy die Môrester kry, toe Jesus gesê het, Self, dat Hy die Môrester is?"

54 Sien, al daardie sade van Abraham word gereflekteer deur sterre. Hulle verskil van mekaar en ons sal van mekaar verskil. En Jesus is daardie Môrester, die helderste van hulle almal. Maar ons vind Hom, in Openbaring 1, met sewe sterre in Sy hand. Hy interpreteer dit en het gesê: "Hierdie sewe sterre is die sewe engele vir die sewe kerke, of die sewe kerkeeue wat kom."

Toe het hy gesê: "Hoe kan dit dan wees, as hulle die Môrester kry?"

Ek het gesê: "Die sterre wat in Sy hand was, was net die weerkaatsingsterre van die Môrester, sien, want die boodskapper van daardie dag het die Woord gehad." En Hy is die Woord; hy het net die porsie vir daardie dag gehad. En die mense wat gereed is om weg te kom van die wêreldstelsels en wêrelddinge, en met Hom te wandel, sien die weerkaatsing van die Môrester deur die boodskapper van daardie eeu. Soos Hy gedoen het deur Noag en deur Moses, ensovoorts, soos Hy die Ou Testament weerspieël het, uiteindelik het hulle almal by Een uitgekom. En so sal dit aan die einde van die kerkeeue, dit sal alles terugkom na Jesus, dat Hy die Woord is.

55 Ons as Christene reflekteer Hom net. Die maan weerkaats net die son, in sy afwesigheid. En die gelowige reflekteer net die Seun van God, in die afwesigheid van die Seun van God. Dis die Lig van die Bybel, die Skrifte, wat bevestig word in ons lewens, die Woord wat Lig in duisternis maak. Julle is kerse wat op 'n heuwel sit. Dit is nie die son nie; dis 'n kers. Die kers neem net die plek van die son, wys net 'n sekere hoeveelheid lig. Ons is God se kinders, ons is seuns en dogters van God, slegs deur die Gees met 'n deel. Hy het Dit sonder 'n deel gehad. Ons is 'n ster wat skyn, almal van ons saam maak 'n Lig vir die wêreld, maar Hy is die hele Seun wat die Lig vir elke ster reflekteer. Halleluja! Ek glo Hom. God help my ongeloof!

56 Uiteindelik het hierdie volmaakte Een gearriveer. Nou, Hy het gearriveer om versoek te word in elke punt net soos ons is. Die Bybel het gesê Hy was. Hy was versoek soos Noag. Hy was versoek soos Moses. Hy is versoek soos al die res van hulle. As ons tyd gehad het om dit af te breek en julle te wys, maar ons het nie, want ek wil nie teveel van julle tyd neem nie. Maar, om dit af te breek en julle te wys, is Hy versoek op dieselfde manier.

Satan verander nooit sy taktiek nie, God ook nie, verander net eeue. Maar wat … Satan het daaragter ingekom, by die eerste familie van God, op aarde. Hier is dit broer, suster. Moenie faal om dit te kry nie. Hoe het Satan die eerste familie gekry? Hy kon dit nie op enige ander manier breek as om daardie Woord gebreek te kry nie, want hulle was verskans agter daardie Woord. As hy net een gaping kon kry!

Dis hoe hy elke kerk in elke eeu gekry het, elke gelowige gekry het, net daardie gaping uitgetrek het. "Wel, ek—ek glo die Bybel is reg, maar ek glo *dit* nie." O, daar sou hy gaan. Dis jammer, maar daar het hy gegaan.

"Elke Woord wat uit die mond van God uitgaan!"

57 Nou beperk dit nou noukeurig. Nou Hy het uiteindelik, hierdie Een wat sou, gearriveer en moes versoek word net presies soos die res van hulle versoek is. Nou let op hoe treffend Satan sy elke aanval maak, net dieselfde elke keer. Nou het hy vir Hom die natuurlike brood probeer gee, net soos hy vir Eva gedoen het. "As jy *dit* sal eet, *dit* neem," of iets anders, het hy dit.

En dis wat hy aan elke organisasie doen, dis wat hy aan elke individu doen, hy probeer jou die natuurlike dinge gee waarna jy kan kyk. En dit neem jou weg! "Wel, kyk na hierdie yslike groot kerk! Wel, hulle het soveel miljoene daarin! Ons kerk is die grootste kerk in die stad. Wel, ons, ons het die burgemeester wat na ons kerk toe kom. Sien dit alles! Ons pastoor het 'n—'n graad van D.D., L.D., Ph.D.! Dit, wel, dit, wel, hy sal beslis 'n slim man wees." 'n Katolieke priester kan kom en hom oordek, enige tyd, met sy grade. Hy het een-en-sestig boeke wat hy moet ken soveel as wat jy die Bybel ken, om sy graad te kry om 'n priester te wees, so moenie opvoedings probeer vergelyk nie.

58 Dis net soos die wêreld, probeer altyd vergelyk. Moenie vergelyk met dinge van die wêreld nie. Moenie met kerke vergelyk nie. Vergelyk met die Bybel! Dis wat ons vandag doen. Dis wat die probleem is met ons Pinksterkerke. Dis wat die probleem is met ons kwartette en sang, ensovoorts, soos ons het, ons probeer optree soos Hollywood. Hollywood skitter; die Evangelie gloei. Daar is 'n groot verskil tussen 'n skitter en 'n gloed. Sien? Hollywood skitter met klere en Rickies en Rickettas, en opslae. Maar God gloei nederig in nederigheid van die gelowige, maak nie saak hoe onkundig hy is nie. Hy gloei in nederigheid, nie skyn in Hollywood nie.

59 Let op, hy het sy ou taktiek op Jesus probeer, dieselfde ding wat hy aan Moses gedoen het, dieselfde ding wat hy aan die res van hulle gedoen het. Hy het dit probeer. Hy sal dit op jou probeer, om jou 'n yslike groot iets te laat aanvaar wat blink lyk.

Herinner my daaraan toe ek wasbere, wasbere gejag het. Ek sou vir my 'n … Pappa, my pappa, het tabak gebruik. Ek weet nie of julle almal ooit een van daardie ou kentekens ken wat altyd op 'n rol tabak

was nie. Ek sou hulle neem, vir my 'n stomp kry en 'n gat daarin boor, reg rondom die spruit waar 'n wasbeer rondgeloop het. En dan sou ek 'n gat daarin boor en hierdie tabakplaatjie daar plak. En dan vir my 'n paar spykers inslaan, teen 'n hoek soos *dit*. En die wasbeer reik altyd na iets blink. En so toe die maan opgekom en hy daarlangs gehardloop het, het hy daar gekyk, hy het sy hand daar ingedruk om dit te kry. En hy sal dit nie laat los nie.

Hy is soos sommige kerklidmate. Selfs as hy weet hy is gevang, sal hy dit nie laat los nie. "As ek dit doen, sal hulle my uit die organisasie sit." Dis net sy dood, dis al. Goed. Let op. Daar hou hy daaraan vas, hy sal dit nie uitlos nie.

60 Nou Satan het dieselfde taktiek op Jesus probeer, wat hy op die res van hulle probeer het. Hy het probeer om Hom iets te laat eet behalwe die beloofde Brood Woord. Want Jesus het gesê: "Daar staan geskrywe: 'Die mens sal nie van brood alleen lewe nie.'" Sien? Hy het probeer om Hom hom te laat gehoorsaam. Alhoewel dit baie goed gelyk het, gelyk het asof Hy Homself kon voed, en Hy kon dit gedoen het. Jy het …

Jy kan ook optree op enige manier wat jy wil. Jy kan Dit neem of Dit los, enige een wat jy wil. Nou as daardie wasbeer genoeg verstand gehad het net om, o, sy hand toe te maak, kon hy dit weer uittrek; maar hy sal dit nie doen nie, hy hou homself net daar. En dis hoe baie nominale Christene dit ook doen. Hulle wil niks Daarvan hoor nie, wil nie kom en Dit hoor nie. Hulle wil niks Daarvan hê nie. Gaan voort en hou dan daaraan vas, sien, jy sal uitvind wat gebeur.

61 Nou let op, hulle het probeer om Hom iets te laat eet behalwe die Brood van die Lewe waarvolgens elke mens behoort te lewe. Maar Jesus het by die Vader se Woord gebly. O, hy het nie toe vir Eva geslaan nie, hy het nooit vir Moses geslaan nie, hy het nooit enige van die res van hulle getref nie. Hy het Een getref wat elke Woord sou reflekteer. Sien, Hy, dis die rede, Hy was die Woord. Maar Jesus het by die Woord gebly, het sy teologiese kweekskoolleer geweier, ja, meneer, sy nuwe lig, sy meer ondervinding. Hy kon dit nie op Jesus afstoot soos hy dit op Eva afgestoot het, om vir haar te wys: "O, sekerlik, God …"

"O, sekerlik, God sou hierin wees as ons kon saamkom en 'n hele Wêreldraad van kerk maak. Sekerlik, God sou wees. Hy wil eenheid hê en Hy wil broederskap hê." Met Homself, nie met die wêreld nie; broederskap met Homself, aanbidding tot Homself. Dis waarvoor Hy gesterf het, dat jy Hom sou aanbid. Soos altyd, as hy nie kan kry …

Nou vind ons uit dat hy gefaal het. Jesus het reguit teruggegaan na hom toe met SO SPREEK DIE HERE.

62 Nou wanneer hy sien dat 'n gelowige … Kyk hoe die gelowige in hierdie selfde kategorieë kom, elkeen van julle. Wanneer hy sien (hy) jy gaan by die Bybel bly: "Ja, ek glo die Bybel. Ek sluit nie by enige geloofsbelydenis en ding daar aan nie. Ek gaan by die Bybel bly." En, soos altyd, as hy jou nie kan kry om te glo, om—om die ware Waarheid te leef en die Woord te glo nie, wil ek hê jy moet oplet wat hy aan Jesus gedoen het, die tweede keer, as hy jou nie kry nie . Sê: "Ek gaan nie by enige geloofsbelydenis aansluit nie. Ek gaan nie. Ek is, ek is vry gebore, ek gaan Daarby bly. Ek gaan *dit, dat*, of die *ander* doen." Sien, sluit aan by die kerk, en jy kom aansluit, en iets anders; hy kan jou nie kry om dit te doen nie, dan sal hy iets anders aan jou doen. O, broer, hou dit dop.

63 As hy dit nie doen nie, dan sal hy jou na sy eie kweekskool stuur om geleer te word deur sy eie teoloë, sien, waar Satan die interpreteerder is. "O, die dae van wonderwerke is verby. Daardie mense daaronder, het ek, wel, dis 'n klomp ketters. Hulle, hulle is nie, sien." Hy sal jou daarheen stuur.

O, jy mag sê: "Wag 'n oomblik, Broer Branham! Net 'n oomblik nou!" Ja, laat ons net 'n oomblik wag, sien. Jy sê nou: "Is jy nie meer veronderstel om dit te doen nie? Is ons nie veronderstel om dit te doen nie?" Nee, meneer. Nee, meneer.

Maar Jesus het gesê: "Wanneer Hy, die Gees van Waarheid, gekom het, sien, sal Hy hierdie dinge wat ek onderrig het, tot julle geheue bring, die Woord. En Hy sal julle ook dinge wys wat moet kom." Daar is die ware Geesvervulde Kerk nou, bly by die Woord, reflekteer die Woord, God op aarde. Sien? Hy het nie enige teoloog nodig nie, want Sy Woord is van geen private interpretasie nie. Hy interpreteer Sy Eie Woord deur Dit te bevestig en Dit te bewys, Dis die Waarheid.

Toe die Metodiste kerk vir jou gesê het jy kan nie die Heilige Gees ontvang soos hulle het op die Pinksterdag nie, het jy enige aandag daaraan gegee? Sekerlik nie. Jy het reguit aangegaan en die Heilige Gees gekry, in elk geval. Sien? Want die …

64 Ek het die—die drie-eenheid bespreek met 'n—'n Baptiste prediker, nou die aand, en ek het vir hom gesê dit was net terminologie. En so het ons uitgevind, het hy gesê, nog 'n klein prediker daar van die kweekskool, hy het gesê: "Wel, Meneer Branham, jy probeer mense 'n apostoliese godsdiens laat glo."

Ek het gesê: "Sekerlik, die enigste een wat daar is."

En hy het gesê: "Meneer, waar het jy skoolgegaan?"

Ek het gesê: "Op my knieë, my broer. Nie om … Sien, dis waar ek gekom het, nie teologie nie, maar knieologie." Ek het gesê: "Dis waar ek Hom gevind het."

En hy het gesê: "Meneer Branham, die doop van die Heilige Gees, soos hulle het op die Pinksterdag, probeer jy sê dat dit vandag is?"

Ek het gesê: "Die Bybel het gesê, meneer, dat die … dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en vir altyd." Ek het gesê: "Dit was Jesus Christus wat gekom het op die Pinksterdag." O, ja.

Nee, dieselfde Een! "Nog 'n klein tydjie, sal ek die Vader bid, Hy sal vir julle 'n ander trooster stuur, wat die Heilige Gees is. 'n Klein tydjie en die wêreld sal My nie meer sien nie, My nie meer nie; tog sal julle My sien, want Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot die einde van die wêreld."

Ek het gesê: "Ja, dis Hy wat op die Pinksterdag gekom het. Ja, meneer. Hy het gekom, in hulle gewoon, let op, in die vorm van die persoon van die Heilige Gees, Jesus Christus in die persoon van die Heilige Gees, soos ons die Godheid verstaan."

65 Nou let op, Satan het nie sy teologie nodig gehad nie, teologie. En hierdie man het vir my gesê, hy het gesê: "Meneer Branham," hy het gesê: "ek sal jou laat verstaan, ek's van 'n sekere skool en ons is opgelei."

Ek het gesê: "Ek hoor julle program die heeltyd." Sien?

Hy het gesê: "Ons word daar opgelei." Het gesê: "Die doop van die Heilige Gees is slegs vir die dissipels."

Ek het gesê: "Die Bybel het gesê daar was 'honderd-en-twintig' in die bovertrek." En ek het gesê: "Nou wie is reg, jy of die Woord?"

En ek het gesê: "En toe, ook, toe Filippus afgegaan en vir die Samaritane gepreek het, en hy hulle gedoop het in die Naam van Jesus Christus, maar die Heilige Gees het nog nie op hulle gekom nie, want Petrus het die sleutels gehad. So het hy na Jerusalem toe gestuur en Petrus gekry, wat afgekom het en hande op hulle gelê het, en die Heilige Gees het op hulle gekom. Die Bybel het gesê: 'Die Heilige Gees!'"

66 Ek het gesê: "Toe het Petrus, met 'n visioen, met die sleutels, opgegaan na die huis van Cornelius, Handelinge 10, nege-en-veertig … 'En terwyl hy nog hierdie woorde gespreek het, het die Heilige Gees op hulle geval. Want hulle het hulle in tale hoor spreek, en—en—en profeteer, God verheerlik. Toe het Petrus gesê, kan ons water verbied, dat hierdie nie gedoop word nie, siende dat hulle die Heilige Gees ontvang het soos ons aan die begin het? En hy het hulle beveel om gedoop te word in die Naam van Jesus Christus.'

"Ons vind, dertig jaar later het Paulus deur die boonste kus van Efése gegaan, vind 'n paar Baptiste mense wat 'n groot herlewing gehad het. Groot dinge was aan die gang. Hulle skree, prys die Here. En Paulus het die kerk besoek waar omtrent twintig mense bygewoon het, waar Aquila en Priscilla die diens bygewoon het; waar Apollos, 'n bekeerde prokureur, bewys deur die Bybel dat Jesus die Christus was. En hulle het groot vreugde gehad en 'n groot byeenkoms. En Paulus het verbygegaan, en hy het aangekom nadat hy … die Here hom uit die gevangenis verlos het; om 'n gees uit te dryf, 'n duiwel uit 'n fortuinverteller. En toe het hy opgekom daar deur, in die werk van die Here, en hy het gegaan om die diens te hoor. En hy het gesê: 'Hierdie man is 'n groot man, goed, maar,' gesê: 'het julle die Heilige Gees ontvang sedert julle geglo het?' Hy het geglo jy het Dit ontvang toe jy geglo het. Maar hy het gesê: 'Het julle die Heilige Gees ontvang sedert julle geglo het?' Hy het gesê: 'Ons weet nie of daar enige Heilige Gees is nie.'

"Het gesê: 'Waartoe is julle dan gedoop?' Dit was die vraag. Hy het gesê: 'Ons is gedoop, dieselfde man wat Jesus gedoop het: Johannes. Ons is gedoop tot Johannes se doop.' Sien? Hy het gesê: 'Johannes het net gedoop tot bekering, nie vir die vergifnis van sondes nie.' Johannes … want die Lam was nog nie doodgemaak nie. Hy het gesê: 'Johannes het tot bekering gedoop, siende dat julle moet glo in Hom wat sou kom, in Jesus Christus.' 'En toe hulle dit hoor, is hulle gedoop in die Naam van Jesus Christus. En Paulus het sy hande op hulle gelê, en die Heilige Gees het op hulle gekom, en toe het hulle geprofeteer en in tale gepraat, 'dertig jaar later."

En ek het gesê: "Buitendien, glo jy die Bybel?"

Hy het gesê: "Sekerlik."

67 Ek het gesê: "Petrus, op die Pinksterdag, toe dit alles oral bekend geword het, en hulle almal

uitgeroep en God geprys het, het hulle gesê: 'Manne en broers, wat kan ons doen om gered te word?' Petrus het gesê: Bekeer julle, elkeen van julle, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang, want die belofte is aan julle en aan julle kinders en hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep.' Hemele en aarde sal verbygaan, maar daardie Woord sal nooit faal nie!"

Julle pinksters het julle nie aan die Metodiste, Baptiste, of Presbiteriane gesteur nie. Julle het geweet Dit was vir elke geslag en julle het Daarin gebeur. Sekerlik. Nou, moet net nie ophou beur reg daar nie, hou net aan beur, sien.

Dis waar Metodiste hulle fout gemaak het, hulle het in heiligmaking ingebeur, maar gestop. Lutherane het in regverdigmaking gebeur en gestop. Sien, dan organiseer dit dit, daar sterf dit. Dis die einde daarvan. Dis al daarvan.

68 Hou nou dop soos ons vinnig hierdeur gaan. "Wanneer die Gees van Waarheid gekom het, sal Hy julle alles leer wat ek julle ookal geleer het," o, goeiste, "alle herinnering aan julle sal bring, wat ek vir julle gesê het, aan julle bring, alle herinnering. En Hy sal julle dinge wys wat moet kom. Hy sal elke Woord bevestig, die Woord bevestig met tekens wat volg." Alles wat Hy belowe het, wat God in die Bybel belowe het, as julle sal loskom van elke geloofsbelydenis en alles anders, en vashou aan die Woord, is God verplig om vir Sy Woord te sorg. En so toe hulle dit gedoen het, bevestig die Woord Homself.

Hy het nie iemand nodig om te sê: "Wel, die dae van wonderwerke is verby."

Wie is daardie man om vir my te sê die dae van wonderwerke is verby, toe ek eens 'n blinde man was? Halleluja. Ek het eenmaal gelê waar die dokters my drie minute gegee het om te lewe, en ek lewe vandag. Hoe kan hulle my enigiets anders vertel? Eens 'n louwarm kerklidmaat, nou vervul met die Heilige Gees. God het nie enige interpreteerder nodig nie. Die Gees Self, wat die Woord is, interpreteer dit om die Waarheid te wees. As 'n man dit sal waag om uit te staan en Dit te neem. Hy is Sy Eie interpreteerder. Probeer Hom eenkeer en vind uit of dit nie reg is nie. Moenie aandag gee aan wat iemand gesê het nie. Doen wat God gesê het om te doen.

"Wel," sê jy: "ek doen *dit*." Wel, wat van die ander, elke Woord? Een woord breek die ketting.

Dis waar die kerke altyd faal, reg in daardie ketting. Hulle organiseer dit en kry die ding bymekaar, en maak 'n groot denominasie. Hierdie manne kom bymekaar, Heilige Vader *So-en-so* en Doktor Biskop *So-en-so*. En wat is die eerste ding wat jy het? Daar het julle dit. Jy sterf net daar. Ons sal dit bewys deur die natuur en deur die Woord, as die Here wil, binne 'n paar minute. Goed.

69 "Bring tot herinnering." Hy bevestig elke Woord en ons lewe Daarvolgens. Halleluja! Lewe Daarvolgens! "Die mens sal lewe van elke Woord, elke Woord wat bevestig word." Jesus het gesê: "Hierdie tekens sal hulle volg wat glo. Sal hulle volg wat glo!" Gryp Dit vas; God bevestig Dit, dat Dit die Waarheid is.

Waar, die kweekskole en teoloë, geïnspireer deur Satan, sê: "Jy kan Dit nie vertrou nie. Dis vir die apostels. Die dae is verby. Daar is nie soiets nie. Dit was net bedoel vir die apostels, om die Evangelie toe te bewys. Ons het geleerde mense vandag."

Hulle het toe beter geleerdheid gehad as wat ons nou het. Sê my enige kerk wat daarmee kan vorendag kom, daardie Sanhedrin, toe hulle groot-groot-groot-groot-oupas priesters moes wees, agter hulle. Een krom woord daarin, in daardie boekrol, of, wel, hulle—hulle sou hulle daarvoor stenig. Hulle moes presies reg bly. Maar hulle het gemis om die ware Kern van die Woord te sien toe Dit gekom het, die Lewe. Dis waarom hulle veroordeel is en die "werkers van Satan" genoem is.

70 Sien, dit reflekteer nie die Woord van God nie, wanneer 'n kweekskoolstudent vir jou sê: "Die Heilige Gees is nie vir vandag nie. En hierdie dinge, al daardie Goddelike genesingsgoed, vir 'n ander dag." Sien, dis nie 'n refleksie van God nie, dis 'n refleksie van 'n—'n geloofsbelydenis. Dis 'n refleksie van 'n leerstelling wat buite die Bybel is.

Hebreërs 13:8 het gesê: "Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Johannes 14:12, het gesê: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal Hy ook doen." Nou hoe gaan jy daardie Woord daar uitneem, hoe gaan jy iets byvoeg in Sy plek? Jy breek die ketting van die Lewe. Die mens lewe slegs van Brood, die Brood, Ewiglik lewe hy van daardie Brood. Fisies, leef hy van hierdie brood. Daar is die twee brode. Die Heilige Gees, die Heilige Gees is in jou, sê "amen" op elke Woord van God, as dit die Heilige Gees is. Nou wil ek julle iets vra. Nou dit is 'n knypende deel.

71 Mamma het altyd vir my kasterolie gegee toe ek 'n kind was. En ek—ek kan die reuk van die goed nog steeds nie verduur nie. Sien? Ons het arm grootgeword, en mamma het vleisvelle gekook en dit uitgedruk. Ons kry hulle daar by die … van 'n ou suster genaamd Goodwin, wat 'n bakkery daaronder gehad het, en sy het hamme en goed gebak, en het dit uitgedruk. Ons sou meel kry en daardie vet en

goed vat en ons mieliebrood maak. En ons het swak geëet, geen wonder ons het ondervoeding, ensovoorts, gehad nie, plae. Maar ma toe, het elke Saterdagaand … Ons—ons het nie die regte soort kos gekry nie, so sy sou ons almal 'n groot dosis kasterolie laat neem. En ek—ek sou net my neus vashou en skree, ek het gesê: "Ma, dit maak my so siek." Sy het gesê: "As dit jou nie siek maak nie, help dit jou nie." So, so miskien sal dit so werk. Nou hoe …

72 Ek gaan julle iets vra. Hoe kan 'n man of 'n vrou wat aanspraak maak om gevul te wees met die Heilige Gees, wat die Woord is (dit reg?), en hoe kan jy die vlees van daardie Heilige Gees wees, wat jou deel van Hom gemaak het, om die Evangelie te reflekteer van jou eeu, en ontken die Woord wat Hy geskryf het?

Ek gee nie om hoe goed jy is nie. Wel, ek kan jou na Afrika neem, na die—die Hottentotte daar, en jou 'n lewe wys wat 'n Christen nie kan aanraak nie. Selfs al sou hulle in owerspel betrap word; as een van die vroue, voor sy getroud is, 'n jong vrou, moet sy eers getoets word vir haar maagdelikheid. As sy skuldig bevind word, moet sy vertel watter man dit gedoen het en hulle word albei saam doodgemaak. Wat as dit gebeur het in die Verenigde State, wie sou al die lyke begrawe, sien? So, so daar het julle dit, sien. En hulle is heidene, sien die moreel. Sien, sodat jy dit nie daardeur kan toets nie. Ons Indiese broer hier kan julle nou sê, die Mohammedane leef waarskynlik baie beter as wat ons ooit aan gedink het.

73 Maar wat is dit? Dis die Woord wat die toets gee. Daardie Fariseërs was twee keer so nederig soos Jesus. Hy het rondgegaan om hulle kerke op te skeur en hulle uit te gooi, en hulle uit te slaan, en alles soos dit.

En hierdie goddelike ou priester, julle weet, wel, wat was … As ek 'n byeenkoms teen Hom gehad het, vanmôre; ek sou sê, wie het na jou toe gekom toe jy siek was, vir jou gebid? "Daardie goddelike ou priester." Wie het pappa daardie geld geleen toe sy oeste misluk het? "Daardie goddelike ou priester." Wie het jou aan God toegewy, vir 'n lewe van diens? "Daardie goddelike ou priester." Wie was dit, toe jy in die tronk was, wat jou kom besoek het? "Daardie goddelike ou priester." En hierdie jong afvallige genaamd Jesus, wat doen Hy? Het jou pastoor 'n "slang" genoem! Sien? Sien, dis nie deur die vrugte nie.

Dis deur die Woord. "Die mens sal nie van vrug alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan."

En Hy was daardie Woord. Hulle het net gefaal om Dit te sien. Dis wat Hy veronderstel was om te doen. Hulle kon dit nie sien nie, want hulle was nie bestem om dit te sien nie. Het gesê: "Julle kan nie na My toe kom nie." Kyk na daardie arme Jode, hulle oë was verblind. Sekerlik, Hy het dit gedoen. Hy het hulle verblind, Self.

Dink aan hoe dit sou wees om verblind te wees. Julle moet liewer God dank vir watter sig julle in die Skrif het. Nou let op.

74 Nou, Hy, Hy was hierdie Woord. Nou, hierna was Hy getoets. Jesus se toetsing. Nou gaan ons deur hierdie.

Sien, dit reflekteer nie die Woord wanneer enigiemand sê: "Wel, Dit was vir 'n ander eeu," want die Bybel het gesê Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Hoe kan die Heilige Gees in jou sê dat jy vervul is met die Heilige Gees?

Nou kan ek julle 'n bietjie seermaak? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Is dit in orde? Steek julle hande op. Julle sal nie kwaad wees vir my nie? ["Nee."] As julle dit doen, moet julle wees.

Hoe kan julle vroue met gesnyde hare vir my sê dat julle vervul is met die Heilige Gees? Een Woord! "O, ek het in tale gepraat." Dit maak geen verskil nie. Ek het toordokters in tale sien praat, interpreteer, uitroep in die gees, dans in die gees.

Hoe kan julle mans julleself die hoof van die huis noem en jou vrou kortbroeke laat dra en aangaan soos sy is, julleself Christene noem?

Hoe kan julle pastore God ooit in die gesig staar met soiets, sonder om op te staan en dit te betoog? Jy kan hulle dit nie laat doen nie. Maar as jy so preek, sal jy nie baie lank in die kweekskool of by 'n groep behoort nie. Jy sal samewerking van êrens anders af moet kry. Ons sal daarop ingaan net binne 'n oomblik, as die Here wil. Sien?

75 Maar daar het julle dit. Moenie, ek bedoel nie om julle seer te maak nie. Ek het julle lief. Dis die rede. As—as jy met die rivier afgedryf het en ek het gesien jy gaan verdrink, sou ek 'n arme kêrel wees as ek sê: "Wel, wees 'n goeie persoon, skat." Jy moet hulle liewer waarsku. Dis reg. Vertel hulle!

Soos ek nou die aand gesê het, as ek 'n Christen is, moet ek geïdentifiseer wees met elke karakter van die Bybel. Ek moes saam met Noag staan en saam met hom preek, in die dae, en die mense waarsku. Dis reg. Ek moes op die Berg Karmel staan, alleen, saam met Elía. Ek moes by Gólgota staan en

gekruisig word vir myself en my eie gedagtes, saam met Hom. Maar dan weer, het ek saam met Hom op Pase opgestaan, triomfantelik oor alle dinge. Al die vleeslike van die vleeslikheid van die wêreld, verhewe bo dit, in Hom.

76 Let op, dit reflekteer dan nie die Woord nie, nee, dit bevestig Dit nie. Nou, maar as jy die Woord glo, sal God Dit self bevestig, soos Hy hier in Jesus gedoen het.

Die Woord Brood beteken altyd om op gevoed te word. "En die mens sal nie van brood lewe, soos hierdie brood, alleen nie, maar van elke Woord." So dis die Woord Brood, hou dit in gedagte, hierdie is hierdie Brood wat die kerk deur elke eeu gevoed het, was die verborge Manna net vir die oorwinnaar alleen. Openbaring het so gesê. Nou ek het nie tyd om hierdie hele ding af te breek nie, want ek het waarskynlik nog dertig minute. Maar kyk, toe die heilige—toe die heilige manna uit die Hemel geval het, wat 'n tipe van die Heilige Gees was. Julle sal daarmee saamstem.

God het vir Moses gesê om uit te gaan en 'n gomer vol daarvan te kry en dit in die Allerheiligste te plaas. Want, as hulle dit nie in die Allerheiligste geplaas het nie, het dit stagnant geword. Is dit reg? Die wurms het daarin gekom. Nou Hy het gesê: "Maar plaas dit in die Allerheiligste, in hierdie gomer, dat elke geslag;" wat opkom volgens daardie priesterskap, wanneer 'n man gaan om 'n priester te word, om die Woord te bedien, die eerste ding wat hy moet doen nadat hy verordineer is, is ingaan en 'n handvol van daardie oorspronklike manna kry en dit eet.

Dit was om daardie Lig in Sy hand voor te stel, in die nuwe kerkeeu, sy Lig te reflekteer, die Manna; en net die man wat volkome oorwin het, die man wat regtig gaan sit en alles anders opsy gooi behalwe die Woord. En die Woord is daardie Manna. O, goeiste, dis Jesus! "Die mens sal lewe van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan." Dis die verborge Manna vir die oorwinnaar, o, wat elkeen—elkeen, vir elke priesterskap gevolg het.

77 Die teologiese skole, lank gelede, het hierdie geseënde Ding verruil vir 'n pot lensiesop. Dis presies reg. Ja, meneer.

Soos Esau gedoen het. Nou, Esau, moreel, was 'n beter man as Jakob, maar hy het nie respek gehad vir sy geboortereg wat die Woord was nie. Hoeveel weet dit, die geboortereg was die Woord, die belofte, die ouer seun? Maar hy was 'n goeie man, morele man, soos, o, soos die nominale Christen vandag, 'n goeie man. Hy het nie gelieg nie. Hy het nie gesteel nie. Hy was goed vir sy pappa. Hy het al hierdie dinge gedoen. Maar, julle sien, sy geboortereg, hy het gesê hy gee nie om daarvoor nie. "Watter verskil maak dit? Ek is 'n Israeliet, in elk geval. Sien, ek—ek behoort daaraan, in elk geval." Maar dit was sy geboortereg wat getel het, sien. Sy natuurlike was in orde, maar sy geestelike was alles verkeerd.

So is dit vandag, die pot, meng kerk en wêreld saam, party van elkeen; bingo partytjies, danse, allerhande soorte tekereganery, in die kerk; korthaar vroue, dra kortbroeke.

Wel, jy sê: "Broer Branham, wat is daardie klein dingetjie?"

78 Dis een van die Woorde, want die Bybel het gesê dis verkeerd vir 'n vrou om haar hare te sny. Dis reg. As sy dit doen, hoe gaan sy inkom? Sien? Vra net, enige prediker sal vir jou sê die Woord sê dit. Sien: "sy onteer haar hoof," sy doen haar man oneer aan. Sy behoort geskei te wees. Dis presies reg. "Want sy wat haar hare sal sny, laat haar ook afgeskeer wees, geskeer." Sien, dit wys daardeur. Nie net kortgeknip nie, God wil dit nie so hê nie. Dis daardie Meneer Tussenin. Moenie daarmee lol nie. Of sny dit alles af of laat dit groei, dis wat God gesê het. Enige prediker van die Evangelie weet dis die Waarheid, of jy dit sal sê of nie. Maar dis die Waarheid. Sien? Wel, wat help dit, as jy al die res van hulle gaan doen, en dit laat vaar?

Wat? Daar is net 'n klein bietjie van die wêreldse styl in jou, wat probeer om net 'n bietjie op te tree soos die ander kerke. Dis presies waar Israel in die moeilikheid beland het. Dis waar hulle sterf. Dis waar Adam in die moeilikheid beland het. Dis waar al die res van hulle in die moeilikheid beland het. Net een Woord, dis al wat dit neem, net een punt. Lensiesop, gemeng met die wêreld! Party van die wêreld, party van Hollywood, party van die kerk, party van die teoloë, en wat het julle?

79 Let op, as Satan hier faal, dan sal hy sy tweede skema op jou uitprobeer, jou kry om—om die Woord nie te glo nie, hy sal … en—en na die kweekskool gaan. Hy sal die volgende probeer, 'n skema. Nou hier is dit waar jy baie versigtig wil wees, en net vir nog vyf minute op hierdie deel sit, as jy wil. Dan maak hy jou 'n bonatuurlike aanbod. Ek gaan terugkom na dit alles, net voor afsluiting. Hy maak … Sien, as hy jou nie kan weglei van die Woord: "Nee, ek gaan by die Woord bly," dan sal hy jou 'n bonatuurlike aanbod gee.

Hy het gesê: "Ek sal jou sê wat. Jy kom hiernatoe en duik van die tempel af, en kom weer op. Sien, wys die mense dat U iets bonatuurliks kan doen."

Man, hy het hulle daar gekry. Nou kyk hierna, dit is dit. Hou dop wanneer julle by die einde kom,

waar hierdie versoeking gekom het. Miskien mag hy party van julle in tale laat praat, dink julle het Dit. Sien? Of hy mag jou selfs laat profeteer, al is dit nie met die Woord nie. Ek het mense sien opstaan en profeteer, was so teenstrydig met die Woord as wat die Ooste van die Weste is. Sien? Dis die Woord waarvolgens jy lewe. Daardie bonatuurlike gawes, Satan kan hulle net uitdeel by die handevol. Sekerlik. Dit beteken nie een ding nie.

80 Het Jesus nie gesê: "Baie sal na My toe kom in daardie dag en sê: 'Here, het ek nie in U Naam geprofeteer nie? In U Naam het ek duiwels uitgedryf. Ek het magtige werke gedoen. Ek was 'n groot man in die organisasie. Ek het al hierdie dinge gedoen, hierdie dinge'"? Hy sal sê: "Gaan weg van My, julle werkers van ongeregtigheid."

Wat is ongeregtigheid? Dis iets wat jy weet wat reg is en jy gee dit toe en sal dit nie doen nie, in jou hart. Wanneer jy weet dat daardie Bybel 'n sekere ding leer en jy sal dit nie doen nie, is dit ongeregtigheid. En Dawid het gesê: "As ek ongeregtigheid in my hart verberg, sal God nie eens my gebed verhoor nie." Is dit Waarheid? Is dit die Bybel? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Nou, sekerlik kon jy nie vir Dit kwaad word nie, sien. Jesus het gesê dat: "Baie sal na My toe kom in daardie dag en sê: 'Ek het al hierdie dinge gedoen,' en Ek sal sê: 'Gaan weg, julle werke van ongeregtigheid.'"

Dieselfde as wat Adam gedoen het. Adam het gesê: "Here, ek het *dit* gedoen, ek het *dat* gedoen." Maar een Woord, sien, een Woord het dit gedoen. Dis al wat dit neem, net ongehoorsaam aan een Woord.

81 Ja, profeteer miskien teenstrydig met die Woord. Maar nou, wanneer hy hierdie bonatuurlike gawe het, is hy so meegevoer deur die geraas, deur die glans daarvan. "Glorie aan God, ek bid vir *So-en-so*, hulle het opgestaan en weggestap! Halleluja, ek kan in tale praat! En iemand interpreteer dit, dis eg, die waarheid."

Paulus het gesê: "Ek kan in tale praat soos mense en Engele, en tog niks wees nie. Ek kan geloof hê om berge te versit, en is steeds niks." Is dit reg? [Gemeente sê: "Dis reg." — Red.]

Maar, sien, hy sal jou dit aanbied. O, Pinkstermense, ek het julle lief, of ek sou nie met julle wees nie. Daar is waar julle gefaal het, sien. Hou die Woord dop, nie die gawe nie. Hou die gewer dop, sien waar—sien waar dit vandaan kom, sien. Hy's heel meegevoer, hy dans in die gees, seun … [Leë kol op band — Red.] … enigste ding. Hy het soveel mense om hom en almal wat na hom roep, hier en daar, en hy vergeet die Woord.

82 O, jy is baie gewild solank jy wegbly van daardie Woord. Maar jy kom in daardie Woord, eenkeer, kyk wie gaan dan met jou saamwerk. Sien? Kyk wat dan uitkom. Ons gaan hierby kom, in 'n ander stadium van die natuur, binne 'n oomblik. Sien, kyk wie—wie wil jou dan hê, niemand wil nie. "O, hande weg Daarvan!" Soos 'n sekere vereniging hier bymekaar gekom het 'n paar weke gelede en my gebrandmerk het, enige prediker wat na die stad kom, volle Evangelie, wat my na die stad sou wou hê om te bid vir hulle siekes, sou heeltemal geëkskommuniseer word uit die vereniging. Goed, want ek bid vir die siekes. Goed. "Moenie Dit hoor nie!" Sê … En daar is die Woord bevestig.

Dis dieselfde ding wat hulle met ons Here gedoen het. Dis dieselfde ding wat hulle gedoen het met elke mens, in elke eeu. Dis wat hulle gedoen het met Luther, Wesley, en almal. Dis wat hulle met jou gedoen het, in die begin, nou het jy reguit teruggedraai in dieselfde moddergat waaruit jy gekom het. Let op die manier, dit was altyd dieselfde manier. Dit het nooit gefaal nie, Satan doen dieselfde ding.

83 Nou is hy so meegevoer deur die geraas van glans, ensovoorts, totdat, goeiste, hy nie eens enige aandag aan die Woord gee nie. "O, broer, Broer *So-en-so* het *so-en-so* gesê, en ek moet hiernatoe gaan. Ek …" Sien, hy's net so meegevoer, hy let Dit nie eens op nie. Of dit Woord is of nie Woord nie, maak nie enige verskil nie. "Die res van hulle het gesê dit was in orde, so Dit maak nie verskil nie." Die denominasie sê: "Man, jy het dit, moenie dat iemand jou vertel nie!" Jy het wat? Sien? Let op.

84 Satan het altyd, selfs toe, dopgehou in hierdie een plek hier, hy het die Woord bedek. Selfs op hierdie bonatuurlike wat hy probeer het om Jesus te laat doen, die bonatuurlike, sien, as hy bonatuurlik was, wat as Jesus na hom sou geluister het? Sien? Hy het gesê: "Nou wag. Jy wil by die Woord bly, wil Jy? Wil jy by die Woord bly?" Het gesê: "Daar staan geskrywe, Hy sal Sy Engele bevel gee hieroor. Te eniger tyd as Jy Jou voet teen 'n klip stamp, dra hulle Jou op die hande." Maar Hy het Sy voet teen geen klip gestamp nie. Sien? Kyk. Wat as hy daarby sou gebly het? Hy … Het julle opgelet, ek het nooit gesê hy het die Woord aangehaal nie; hy bedek Dit, bedek Dit, soos om 'n versiersel op 'n koek te sit, Dit bedek, Dit witgekalk, sien, Dit was nie in Sy regte plek nie.

85 Dis wat hulle vandag probeer sê, Dit probeer witmaak, maar jy kan dit nie laat saamgaan met die res van die Skrif nie. Dit moet alles wees: "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Sien, maak nie saak hoeveel Woord jy probeer bedek nie, dit maak nie …

Dit moet aangehaal word net soos Hy Dit gesê het. Dan, as Dit reg aangehaal word, sal Hy Dit

bevestig om so te wees in jou lewe. "Dis hoe alle mense weet julle is geskrewe briewe gelees van God." Geskrewe *brief* is hierdie "Bybel." Is dit reg? 'n Brief is die Bybel. En jy is 'n geskrewe Bybel wat Sy Woord weerspieël, weer daardie volmaakte man, in God.

Maar Jesus het gesê: "Daar staan ook geskrywe." Sien?

86 Maar let op Eva op hierdie selfde stadium, weggevoer deur haar bonatuurlike begrip, sy het 'n teologiese ondervinding gehad. Haar geleerdheid was die hoogste vir enige teoloog in die land op daardie tydstip. Sien, sy was so meegevoer, sy het dit nie geweet nie. Sy het geweet sy het iets gehad wat Adam nooit gehad het nie. Miskien sou sy in staat wees om nou oor hom te regeer, omdat sy meer daarvan geweet het, haar Adam. Kyk wat hulle Adam's vandag doen. Sy het goed van kwaad geken, goeie geleerdheid van die Waarheid. Dis reg. Sy het 'n goeie geleerdheid van die Waarheid gehad, wat sy nie tevore geken het nie, en dit was God se Waarheid. Maar sy was dood, deur die Woord te breek. Ja, sy het haar geleerdheid gekry, goed.

So gee die kweekskool jou 'n teologiese ondervinding, dat jy elke karakter van die Ou Testament of Nuwe kan aanhaal. Maar wees versigtig wat jy doen, as dit nie daardie Woord net daar breek nie, as jy net sê: "Wel, dis vir hulle." Nee, dis vir jou, wie ookal wil! Sien? Sien? Wees versigtig. "O, dit was vir die kerk lank gelede." Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd! Sy het 'n goeie geleerdheid gehad, maar sy was ook dood in sonde en oortredinge.

87 Nou Satan se derde skema. Ons sal gou daarby kom, want ons wil nie meer tyd neem as moontlik nie, miskien nog vyftien, twintig minute, as julle so ver wil gaan. Let dan op sy derde skema, sy, of sy derde versoeking. As die ander gefaal het, sal hierdie een nie, sien. Hy bied jou nou 'n posisie in die kerk aan, soos hy met Jesus gedoen het. "Ek sal Jou die wêreld gee. Ek sal Jou die koning maak. Hulle behoort almal aan my, so ek gee dit vir Jou."

Wie kan 'n man 'n prediker maak? Wie kan 'n man 'n gawe gee deur hande op hom te lê? "God het dit in die kerk gesit!" Sien? Kyk hoe hulle die Woord verdraai. Soos Eva nou, met haar nuwe wete, kennis, kon sy Adam oorreed. Sy kon doen wat sy wou, sien, sodra sy Adam gekry het om dit te aanvaar.

En, maar toe hy na Jesus gekom het, het Hy dit nie aanvaar nie. Hy het gesê: "Gaan agter my, Satan." Met ander woorde, laat ek dit nie verkeerd aanhaal nie, maar net dit daarby voeg. "Daar staan geskrywe, elke mens sal lewe volgens elke Woord van God; nie deur jou aanbod: 'Ek sal jou die algemene opsiener maak, 'n presbiter, of—of diaken, of ek sal jou laat klavier speel, suster.' Sien, al hierdie aanbiedinge: 'Jy's 'n baie gewilde persoon en ons het jou talent in ons kerk nodig.'" Sien, kom na die Woord!

Sy kon hom regeer, of hom leer, dieselfde as vandag se oes. Dis hoe hulle dit vandag doen, om 'n D.D. te word, 'n staatspresbiter, opsiener, distriksbestuurder, of soiets.

88 Hoe anders as Jesus! Hy het by die Woord gebly. Nou, die volgende paar minute wil ek al hierdie dinge waar bewys, sien, deur beide natuur en Woord, dit bymekaarbring. Dit bewys Hy was die Woord wat vlees geword het, as Brood. Hy was die Woord wat vlees geword het. Want Hy het wat gereflekteer? Slegs die Woord.

As jy 'n geskrewe brief is, reflekteer jy net die Woord; nie wat die kweekskool sê nie, wat iemand anders sê, wat Mejuffrou Jones Daarvan dink nie, wat Doktor *So-en-so* Daaroor dink nie, maar wat God Daaroor gesê het. "Laat elke mens se woord 'n leuen wees en Myne die Waarheid! Wie ookal die geringste van hierdie gebooie sal oortree en die mense so leer! Wie ookal een Woord sal wegneem uit hierdie Boek, of een woord Daarby voeg! Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan." Lewe Ewiglik deur daardie Woord!

89 Net soos wat jy dooie stof daar moet hê om van te lewe, moet jy Christus hier hê om deur te lewe of jy sterf. En wat is Christus? "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon."

En julle is dieselfde geskrewe brief, een vir een eeu en een vir die ander, vir die Lig van daardie uur; maar hulle sien dit nie raak nie. Jy reflekteer Dit net.

Ander het vasgestel, hoewel in een, net in een punt gefaal; maar Hy het nie. En soos ek gesê het, in Openbaring 22:18, het Hy gesê: "Wie ook al Hieraan sal byvoeg!"

90 Nou hou nou baie mooi dop. Matthéüs 24:24 is die treffende, hoe dat hulle … "Byna, in hierdie laaste dae," het Jesus gesê: "sou die uitverkorenes deur hierdie ding mislei word." Hou die geeste dop. "In die laaste dae," nou moet daardie Skrif vervul word. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Nou, dit was: "In die laaste dae sou die uitverkorenes, voorbestemdes, uitverkies daarvoor, mislei word …" Dis so perfek, dis so Skriftuurlik en lyk so mooi en duidelik, dat jy nie 'n fout daarin kan sien nie, in elk geval, net die uitverkorenes sal dit ontsnap. Nou dis wat Jesus gesê het. Glo julle dit? ["Amen."] "Sou die

uitverkorenes mislei as dit moontlik was."

"Wel, dis perfek die Skrifte, jy kan dit in die natuurlike oog sien." Maar, julle sien, dit is nie dit nie. Jesus … Daardie Fariseërs het daardie Skrif net so volmaak gegad as Dit kon wees, maar met hulle eie interpretasie.

Hoe het hulle geweet Hy was nie verkeerd nie? Omdat God elke Woord bevestig het wat Hy aan Hom belowe het in daardie eeu. Dis waarom hulle geweet het Hy was die Messias. Sien?

91 Nou let op, "as dit moontlik was," in hierdie dae. Net een Woord, een Woord is nodig. Dis al wat Satan aan Adam moes hê, kry Hom net op een Woord. Dis al wat hy vandag moet hê, kry net een ding omgedraai. Dis al, dis al wat hy nodig het. Nou, julle weet dis die Waarheid. Om een by te voeg, of een te neem, is dit totale mislukking. Elke stukkie: "Elke Woord van God!" Dink nou aan die interpretasies van die kweekskole, elkeen verskil van die ander.

Daar moet 'n Waarheid iewers wees, en *hierdie* is Dit, die Bybel. Nou Jesus het gesê …

Jy sê: "Wel, Broer Branham, hulle het die mooiste aanbidding."

Jesus het gesê: "Tevergeefs aanbid hulle My, onderrig as leerstelling die teologie van die mens, nie die Woord nie," die mens, sy eie opvatting van die Woord wat geïnterpreteer word.

92 Soos ek gesê het, God het geen interpreteerder nodig nie. Hy interpreteer elke Woord Self. Sien, jy het nie iemand nodig om Dit vir jou te interpreteer nie, God interpreteer dit vir jou wanneer jy gewillig is om Dit te aanvaar. Sien, dis die Lewe, dis Lewe Self.

Jesus het gesê: "Tevergeefs aanbid hulle My." Hulle aanbid God werklik. Kain het God werklik aanbid, in die begin. "Maar tevergeefs aanbid hulle My." Wat is *tevergeefs*? "Dit help niks nie."

Hulle mag sê: "Wel, ek doen *dit*. Ek dans in die gees. Ek, ek praat in tale. Ek, ek profeteer. Ek verkondig die Evangelie." Maar as jy nie jou hare laat uitgroei nie, faal op een ding, en kyk wat gebeur, die Gees sal jou net daar verlaat. Dis wat met ons kerke gebeur het, het misluk.

"Aanbid My tevergeefs. O, dis 'n pragtige aanbidding. Maar tevergeefs aanbid hulle My, onderrig vir doktrine die gebooie van die mens."

93 Daardie Fariseërs was geleerde teoloë. Moenie waag om te sê ons het vandag enigiets om met hulle te vergelyk nie. Nee, inderdaad. Hulle het een woord geken, elke woord, net soos dit geskryf was, maar tevergeefs het hulle aanbid. Dink daaraan, "tevergeefs," groot goeie skole, en kweekskole, en onderwysers, en jongmanne, en alles soos dit, maar verlore!

Dieselfde as die wildernis, het Hy gesê: "Hulle eet almal manna van daardie geestelike Rots in die wildernis, hulle drink almal van daardie Rots, bedoel ek, en hulle het almal manna daaruit geëet." En Jesus het gesê: "En hulle is almal dood." *Dood* beteken "Ewiglik geskei." Hoekom? Omdat hulle gefaal het om die belofte van God te glo.

94 O, ek haat dit om julle so te hou, maar ek moet dit net sê. Kyk, ek sal nie 'n minuut hieroor neem nie. Elkeen van daardie mense het uitgekom onder die Vuurkolom, hulle het uitgekom in die wildernis, God geglo, het voort gemarsjeer. Maar toe hulle die hindernis gesien het, toe die—toe die tien teruggekom en gesê het: "Ons kan nie die land inneem nie. O, goeiste, hulle is reuse daar. Hulle is *dit, dat*, en die *ander*. Hulle het net … Ons kan dit nie doen nie. Dis onmoontlik."

Maar wat het Kaleb en Josua gedoen? Hulle het die mense stilgemaak. Hulle het gesê: "Ons is meer as in staat om dit te neem." Hoekom? Daardie mense het gekyk na wat hulle kon sien, sien, gekyk na wat hulle kon sien. Maar Kaleb en Josua het gekyk na die belofte van God. God het gesê: "Ek het julle daardie land gegee. Gaan kry dit!"

95 Nou Hebreërs die 6de, as ek dit kon aanhaal: "Want dit is onmoontlik vir hulle wat eenmaal verlig is en die Heilige Gees gesmaak het, die krag van die wêreld wat kom, as hulle weer afvallig word, ontken, wegstap."

Soos daardie kêrels wat daar opgekom het en die druiwe daar oorkant op die ander land geëet het, daar gestaan het; en toe dit gekom het om die Woord te volg, voort, het hulle gesê: "Ons kan dit nie doen nie." En hulle het in die woestyn gesterf.

Dis waar ons gekom het. Ons het 'n goeie Woord van God gesmaak. Maar die volle belofte: "Nee, nee, ons kan dit nie doen nie, sien, want Doktor *So-en-so* of iemand anders sê ons kan dit nie doen nie. Dis vir die apostels. Dit was 'n ander dag." Daar sterf jy.

Sien, die Skrif skakel alles ineen, elke Woord Daarvan skakel ineen. En dit kan nie gegee word deur enige mensgemaakte teorie, stelsel, of enigiets nie. Dis net geopenbaar deur die Heilige Gees. Jesus het

gesê: "Vader, ek dank U dat U hierdie dinge verberg het vir die wyse en verstandige en dit openbaar aan babas wat wil leer."

96 Laat ons nou vinnig na hierdie volgende gedagte gaan as ons kan. "Tevergeefs aanbid hulle My." Daardie Fariseërs, geleerd, o, moreel goed; maar genoem, deur Jesus, "duiwels." Daardie geleerde teoloë, Jesus het gesê: "Julle is duiwels en die werke van julle vader sal julle doen." Gesê: "Julle versier die grafte van die profete, maar julle vaders destyds … Daardie profete het na vore gekom om daardie godsdienstige stelsels af te breek." Dis wat hulle gedoen het.

Profete! Waarheen kom die Woord, na 'n teoloog of 'n profeet? [Gemeente sê: "Profeet." — Red.] Nie na die teoloë en die skool nie. Dit kom na 'n profeet, altyd. God verander nooit Sy stelsel nie, nooit. Het altyd, altyd! Nie aan 'n groep nie; aan 'n individu! Nooit aan 'n groep nie; individueel, ja, meneer, 'n profeet. En hulle het gesê …

Jesus het gesê: "Julle versier die grafte van die profete, en julle vaders het hulle daarin gesit." En hulle doen die einste ding onder die blindheid van Satan se kweekskool. Sien?

97 En nou, Pinkster, hou jou neus uit daardie Wêreldraad van kerke. Nou, julle predikers hier, julle sal in die hoofkwartiere skryf, aan—aan hierdie mense. Nou, julle sal nie hoef te skryf aan—aan die Gemeentes en baie van hulle nie, omdat hulle die ding klaar uitgesit het, hulle niks daarmee te doen wil hê nie. En julle Baptiste broers, ook, hou julle kop daaruit. Sien julle nie dis presies die merk van die dier wat opkom nie? Julle weet wie dit alles gaan verslind, as julle enigiets van die Skrif weet. As die Woorde Ditself in jou reflekteer, bly weg van daardie ding af. Jou denominasie sal daarin loop. En jy sal dit moet doen of jou denominasie ekskommuniseer. Jy kan nie 'n denominasie wees en daar bly nie, want jy moet inkom of uitbly.

Dan is jy nie meer organisasie nie, dan het jy jouself gewys. Presies. God seën jou, as jy dit doen. Moeilik om te sê hoeveel dit sal doen. Maar sommige sal, sonder twyfel. Ja, meneer.

98 Mislei, en Jesus het hulle "duiwels" genoem. Nou, maar toe Jesus daar gestaan het, (wat) elke versoeking, het Hy dit bestraf met die Woord, en daar gestaan by die Woord. God het Hom bevestig.

Soos oor, nou die aand, het ek oor Michelangelo gepreek. Hoeveel was ooit by Forest Lawn en het Moses se monument daar gesien, deur Michelangelo? Dit was treffend toe ek die eerste keer daar ingegaan en dit gesien het. Michelangelo het amper sy leeftyd gespandeer om dit te maak. In sy gedagte het hy gehad wat—hoe Moses behoort te lyk. En hy—hy wou hom laat regmaak voor hy gesterf het. En hy het jare en jare deurgebring, om uit te kerf, *hier* af te kap, en *hier* af te breek, en *hier* te poleer. Totdat, uiteindelik eendag toe hy dit klaar gehad het, na baie jare, het hy daar gestaan met 'n lap in sy hand, soos *dit*. Hy het teruggestaan en daarna gekyk, die visioen wat in sy gedagtes was, want vandat hy die eerste keer van Moses gehoor het, behoort dit so te lyk. Daar was dit, het voor hom geflits. Hy het so geïnspireer geraak deur sy eie werk, hy het 'n hamer gegryp en dit op die been geslaan en geskree: "Praat, Moses!" Hy het gedink dit was Moses wat moes praat, hy was so baie soos die ding wat in sy gedagtes was. En daardie letsel op die been is steeds daar. Dis alles 'n volmaakte standbeeld behalwe daardie afsplintering van die been, die regterbeen. Hou dit dop in Forest Lawn, soos jy by die deur ingaan, 'n reproduksie daarvan. Michelangelo se Moses, sy meesterstuk, dit, wat sy lewe verseël het.

99 God is 'n groot Beeldhouer, reg, Hy het die mens na Sy beeld gemaak, om Hom te reflekteer, en Hy is die Woord. En wat het Hy gedoen? Hy het Adam beproef; hy het gefaal, Moses het gefaal, al die res van hulle het gefaal. Maar hier is Een volmaak, halleluja, (wat was dit?) Niks minder as God Self in vlees nie, die Woord weerspieël in Hom, het die volheid van die Godheid liggaamlik gebring; nie 'n profeet nie, tog was Hy 'n profeet; nie 'n mens nie, tog was Hy 'n man.

Jode, moenie Hom as julle s'n probeer opeis nie. Hy was nóg Jood nóg Heiden. Hy was God. Sien? Jy is wat jou bloed is, sien, en natuurlik is jy vlees. En Maria, natuurlik, Maria het geen bevrugting gehad met die Heilige Gees wat haar 'n sensasie gegee het nie. God die Vader het 'n kiem geskep, of—of 'n eier in Maria, en 'n Bloedsel in haar, ook, en dit was die Bloed van God.

100 Die bloed kom van die manlike geslag. So dit was geen … Die hemoglobiene en die bloed moet van die vader af kom, want die baba kan nie eens sy moeder se siekte neem, soos TB nie. Dit kon dit erf van die asem van die moeder, maar dit nie erf nie, ek bedoel, maar kan dit inasem en—en dit opdoen. Maar sy kan dit nie van die moeder neem nie, want hy, sy is vry daarvan, hy is nie sy moeder se bloed nie.

Nou, maar Jesus was nie die bloed van 'n Jood of 'n Heiden nie, Hy was 'n skeppende Bloed deur Jehova Self. Hy was die Bloed van God. Die Bybel het gesê: "Ons is gered deur die Bloed van God." Nie die bloed van 'n Jood of bloed van 'n Heiden nie, dit sou alles seks wees, maar dit was die Bloed van God.

101 Let nou op toe Hy daardie volmaakte Een gesien het, het Hy Hom geslaan, Hom geskend. Jesaja het

gesê: "Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede verbrysel." Wat was Hy? Hy was daardie volmaakte Woord, gereflekteer vir Brood, waarvolgens elke mens sal lewe. Hy was daardie koring van God se Woord wat gemaal en geplaas kon word in die vier Evangelies, ses-en-sestig Boeke. En die mens sal Daarvan lewe, en Daarvan alleen, en elke Woord Daarvan. Amen. Dit was Michelangelo se meesterstuk. En toe God Homself in 'n Mens gereflekteer kon sien, het Hy daardie volmaakte Man na Sy Eie beeld geskep gehad. O, goeiste, wat 'n Man! Hy moes sterf vir ons almal. Ons kan daarop bly, maar ons sal nie. Hy moes sterf vir ons almal. En Hy het gesterf, die volmaakte Een; dat ons, onvolmaak, in Hom volmaak gemaak kon word, deur deel te neem aan elke Woord van Sy Bybel. Nou, toe het Hy Hom weer opgewek, vir ons regverdigmaking, dat ons 'n reg het, as 'n opgewekte Jesus, dat Hy nou hier is om ons te bedien, elke Woord van God, waarvolgens ons moet lewe.

102 Nou, vinnig nou, dan sluit ons af. Nou, die tweede Eva bruid.

Nou, die eerste bruidegom, Adam; moes deur 'n lang string profete grootgemaak word, ensovoorts, dan volmaak uitkom, en moes dan sterf om Brood te wees vir die res van hulle.

Nou wat van Eva? Sy moet dieselfde ding doen. Maar toe Jesus gekom het … Onthou, Eva was die vrou. Die kerk is altyd 'n vrou verteenwoordig in die Bybel, want sy is bruid. Nou kyk wat sy gedoen het. Sy het Hom probeer oortuig tot haar doktrine. Solank as wat sy sou preek net wat hulle gedink het, was Hy 'n groot Kêrel.

Maar eendag het Hy begin praat en gesê: "Ek en die Vader is een."

"O, Jy maak Jouself gelyk met God, sien. O, goeiste! Ons wil niks meer met daardie Kêrel te doen hê nie."

103 En al hierdie ander dinge het Hy begin sê: "As julle nie die Vlees van die Seun van die mens eet nie." Wat dink julle sou 'n dokter gedink het, wat daarbinne gesit het? Wat dink jy sou enige man, net gewone denke? "Julle moet My Vlees eet en My Bloed drink."

Hulle het gesê: "Hierdie Man is 'n vampier, nie 'n prediker nie. Bly weg van daardie Man af, Hy is mal. Bly weg van Hom af."

Maar dit was die Waarheid. Sien, dit was die Waarheid. "Tensy julle Dit eet, sal julle vergaan. Julle sal almal sterf as julle Dit nie eet nie."

Dis dieselfde ding vandag. Die brood en wyn is net 'n simbool, moenie dat daardie natuurlike ding jou onderkry nie. Jy moet Christus eet, wat die Woord is waarvan jy lewe: "elke Woord wat uitgaan," die hele Bybel van Génesis tot Openbaring.

104 Nou, die tweede Eva, hou haar dop. Sy is opnuut geskape, soos Hy was, op die Pinksterdag, gevul met die Gees en gevoed deur die Woord. Amen. Nou raak ek godsdienstig. Ek voel goed. Daardie eerste kerk, daardie eerste Eva, wat Christus se Bruid sou wees. Hoeveel kan "amen" daarop sê? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Sy sou Christus se Bruid wees. Sy is gebore by Pinkster, nie by Nicaea, Rome nie; nie in Londen, Engeland nie; of nie in die Verenigde State nie; nie in Duitsland met Luther nie, nie in Engeland met Wesley nie, nie in die Verenigde State met Pinksters, sogenaamd nie. Sy is gebore op die Pinksterdag. Sy was Geesvervuld. En sy was Geesvervuld en Woord gevoed: "elke Woord wat uit die mond van God uitgaan." Selfs tot Judas … En, o, hulle moes net alles neem, net Woord vir Woord, 'n ware blomplant op God se aarde, wat Hom verteenwoordig, nog 'n Bruidboom.

105 Sy Woord van belofte het Hom in haar weerspieël. Hulle moes aandag gee aan Petrus en hulle. Hulle was nie by 'n kweekskool nie en hulle het dit geweet. Hulle was nie by enige Bybelskool, een of ander teologiese kweekskool nie. Hulle het geen geleerdheid gehad nie, want hulle kon nie eens hulle eie naam skryf nie. Die Bybel het gesê: "Hulle was onkundig en ongeleerd." Maar wat het gebeur? Hulle moes kennis neem dat hulle by Jesus was, want daar was Hy in hulle, wat Sy belofte weerspieël het. Halleluja! Glorie aan God! Dis wat ons nodig het in hierdie eeu. Sy Woord het Hom gereflekteer in haar, die kerk. Sy was lewendig deur elke Woord wat uit die mond van God uitgegaan het.

Maar toe, soos Eva, het sy haar val tegemoet gegaan, op die Woord, by Nicaea, Rome, waar die eerste organisasie ooit georganiseer is, die universele Christelike kerk. Is daar 'n Bybelgeleerde hierbinne? Is daar 'n … Is daar 'n teoloog hierbinne wat weet dis die waarheid? Die eerste organisasie was by Nicaea, Rome. God het nooit 'n organisasie gehad nie, sal nooit een hê nie. Dis mensbeheerd. Dis waar hulle almal …

Ek is 'n Christen. "Aan watter kerk behoort jy?" Daar is net een. Ek was 'n Branham vir vyf-en-vyftig jaar en ek het nooit by die familie aangesluit nie, ek was een gebore. Dis hoe jy gebore word in die Koninkryk van God en jy is 'n refleksie van Sy Woord.

106 Let op, Eva het hare ontmoet. En so het die tweede Eva hare ontmoet by Nicaea, Rome, dit 'n

denominasie gegee, geloofsbelydenis, dogmas aanvaar in plaas van die Woord; heidense afgode verwyder soos Jupiter, ensovoorts, en Paulus en Barnabas opgesit. En—en het die songod en die maangod, Astoreth, die maangod, met ronde kosjer daarop verwyder, en haar die moeder gemaak van die songod wat Jupiter is. En het die geboortedag van Jesus verander van April, waar die hele natuur, waar Hy gebore is onder die ram, want Hy was 'n ram, en dit verander het tot die songod se verjaarsdag in die son daar, waar dit een dag maak … Daar is net omtrent 'n minuut verskil in die dag wanneer dit verbygaan op die vyf-en-twintigste dag van Desember, die songod se verjaarsdag, nie die Seun van God nie. En elkeen van ons speel Sinterklaas en versier bome, 'n heidendom en sulke dinge, en noem onsself dan Christene? Wat is die probleem met die Christelike kerk?

Sal daar ooit iemand onder ons opstaan wat die Woord kan preek en die Waarheid vertel, en God dit bevestig en aan die mense bewys dat Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd? Ons het nie 'n kweekskool nodig nie. Ons het nie 'n teoloog nodig nie. Ons het 'n profeet nodig. Dis reg. God het dit ook belowe.

107 Toe het Eva haar mislukking teëgekom, so het die kerk; weggegee aan denominasie, reëls van die mens, om deur die mens regeer te word, nie meer deur die Gees beheer nie. Sy het weggegaan van die Woord en dogmas aanvaar. Wie kan "amen" sê? [Gemeente sê: "Amen!" — Red.] Sekerlik. Maar weet julle ons Protestante aanvaar soveel dogmas as wat hulle het, wanneer ons iets by hierdie Woord voeg of iets Daarvan wegneem? Satan het haar gevang met sy selfde ou tegniek wat hy vir Eva gehad het, kompromie. Dis waar hy dit gekry het, iets anders as die Woord gesê, 'n geloofsbelydenis of 'n denominasie.

108 Die oorspronklike het voortgegaan na die grond, in martelaarskap, die dorings van Rome het die koring van Pinkster in die stof gemaal en hulle op brandstapels verbrand en hulle vir die leeus gevoer. Hulle het ingegaan soos die ander koring het, dis reg, maar Hy het haar weer begin grootmaak in die hervorming, dieselfde een, die tweede keer.

Soos Hy gedoen het met die Tweede Adam. Nadat Adam geval het, het Hy 'n Tweede Adam begin oprig. En die Tweede Adam het geval, toe is Dit opgeneem. Die eerste Adam het in sy sonde geval en daar gebly. Die Tweede Adam het geval om 'n man van sonde te verlos, en is opgeneem.

Nou, die eerste kerk het geval by Nicaea, Rome, eerste, deur een Woord van Waarheid uit die Bybel, waar die Roomse kerk hulle dogmas en geloofsbelydenisse bygevoeg het. Daar kom 'n klein priester met die naam van Martin Luther, wat gesê het, "Dit is nie die nagmaal nie, dit is nie die liggaam van Christus nie." Dis 'n kosjer. En die mens: 'die regverdige sal deur geloof lewe.'" En hy het die ding op die vloer gegooi en daarteen geprotesteer. Daar kom jou eerste ster wat skyn na die Thiatire eeu. Ja, meneer, geregverdig deur geloof! Hy, die groot Beeldhouer, het opgestel om 'n meesterstuk Bruid te maak wat Sy Woord sou reflekteer.

109 Maar wat het Lutherane gedoen na die dood van Luther? Hulle het Satan ontmoet en 'n denominasie daaruit gemaak, en gesterf. Sy het nooit enigiets anders daarna gedoen nie, sy was klaar, het net 'n groot massa mense geword. Goed.

Toe het God haar weer opgetel in die dae van John Wesley, met nog 'n Waarheid om te reflekteer. Wat het hy gedoen? Hy het gesê: "Heiligmaking is die tweede werk van genade." En wat het God gedoen? Hy het dit geseën. En hy het geprotesteer teen die Anglikaanse kerk, en die Zwingli kerk, en al die res van hulle, en al die legaliste, en al die Calvyn, of die—die Calviniste, liewer, en dit geprotesteer. En—en gesê: "'Die regverdige sal deur geloof lewe,' het Luther gesê. En die tweede werk van genade is heiligmaking." En dis Waarheid. Dis reg. Sien?

110 Wat het hy toe gedoen? Dieselfde ding, na die dood van Wesley, en Asbury en hulle, dieselfde ding wat Luther gedoen het, het georganiseer, gesterf. Kyk nou daarna.

Het daarheen gegaan, hier nie lank gelede nie, om vir 'n vrou in 'n hospitaal te bid, wat onder 'n operasie gegaan het. Ek het daar ingegaan. Sy het gesê: "Broer Branham, ek het jou geroep. Jy ken my nie," het sy gesê: "maar sal jy vir my bid? Ek moet 'n operasie in die oggend hê."

Ek het gesê: "Sekerlik, suster."

Daar was 'n ander man, 'n vrou, en 'n seun, wat daar gesit het, omtrent 'n agtienjarige seun, en hulle het my baie mooi dopgehou. En ek het omgedraai en ek het gesê: "Sal julle my verskoon, ek gaan …"

Sy het gesê: "Trek daardie gordyn toe!"

Ek het gesê: "Is jy nie 'n Christen nie?"

Sy het gesê: "Ons is Metodis!"

Ek het gesê: “Dit was nie wat ek jou gevra het nie. Ek het jou gevra … As jy net Metodis is, sal ek die gordyn toetrek. As jy 'n Christen is, wil jy nie die gordyn toegetrek hê nie.” So, ja, dis reg.

So, daar is 'n groot verskil in 'n Metodis, of 'n Baptis, of Presbiteriaan, en dan 'n Christen te wees; nie 'n Campbelliet te wees nie, maar 'n Christen te wees, sien. Wat het sy gedoen? Dieselfde ding.

111 Wat het toe gebeur? God het 'n klompie hieronder in die Suide opgetel, 'n klein gekleurde mannetjie met 'n skeel oog. En, Hy, wat het Hy gedoen? Hy het die herstel van die gawes uitgestort en dit het pinkster geword. En baie van julle oudstryders soos Broer Valdez wat daaragter sit, 'n bejaarde wyse, het gepreek toe ek vyf jaar oud was. Hy onthou die vroeë Pinkster. Man, moenie organisasie met daardie kêrels praat nie, hulle het uit daardie nare ding gekom. En hulle het die Boodskap van God gehad.

Maar wat het hulle gedoen? Dieselfde ding wat die ander gedoen het, het dit georganiseer. Nou het hulle omtrent dertig of veertig verskillende organisasies, eenheid, tweeheid, drie's. Totdat, genade, goedheid, ek het nog nooit soiets in my lewe gehoor nie! Wat het jy gedoen? Jy het reg op die plek gesterf. Dis al hoe ver jy kon gaan. Jou organisasie sou Dit nie aanvaar nie. Jy, jy het jou man gekies: “Hierdie man, as hy nie saam met ons glo nie, moet hom nie daarin hê nie. Ons gemeente sal dit nie hê nie.” O!

112 Kyk, haastig, daar moet 'n ware Saad kom. Daar moet net wees, want Hy kom vir die Bruid sonder vlek of rimpel. Hy kom daarvoor, 'n Woord-bevestigde Bruid. O, sy sal so 'n klein groepie wees. Jesus het gesê: “Soos dit was in die dae van Noag, waarin agt siele gered is,” (is dit reg?) “So sal dit wees met die koms van die Seun van die mens.” Hoeveel? Ek weet nie.

Maar, sien, die Bruid gaan opgemaak word van almal daar wat die Woord in hulle eeu gehad het. Dis nie net hierdie laaste groep nie, God gaan die hele ding hier uitneem. O, nee.

Dit sal—sal so klein wees, dit sal verbasend wees. Hulle sal vermis word, jy sal nie eens weet hulle is weg nie. Wat as Hy vyfhonderd in hierdie laaste dae geneem het? Jy sou dit nooit weet nie. Het vyfhonderd in 'n paar dae se tyd geneem, twee of drie dae? Daar is soveel mense wat vermis word oor die wêreld, weet nie eens waar hulle is nie, hoor nooit iets van hulle nie. Die geheime Koms van die Here Jesus, Sy sal weggeneem word.

En die res van hulle gaan reguit voort en preek, net soos dit was in die dae van Noag: “Glorie aan God, ons het Dit, halleluja,” en verseël tot hulle dood. Dis wat die Bybel sê en Dit kan nie faal nie.

113 Soos Noag, Moses, Dawid, die koms van hierdie volmaakte Bruidegom weerspieël het; so het Luther, Wesley, en Pinkster, die koms van 'n volmaakte Bruid weerspieël.

Let op, elke keer wat sy aangedui het, wat het sy gedoen? Elke keer, hierdie kerk, soos Eva het, het sy haar Adams gedwing om haar nuwe lig te glo, haar skema, en daar gesterf daarmee. “Ons sal, wel, ons groep sal bymekaar kom, sien, o, ons nuwe seëninge van wat ons gevind het, ensovoorts.”

Wat het dit alles aan Eva gedoen? Ons het nou net 'n kort tydjie. Wat het dit alles aan Eva gedoen, deur die eerste moederkerk, die eerste bruid van die eerste Adam? Wat het dit aan haar gedoen? Nou luister aandagtig, julle gaan Hiermee verskil. Maar dit het “die saad van die slang” voortgebring. Presies.

114 Haar eerste seun was nie die seun van Adam nie. As dit was, het hy die geboortereg gehad. Die Bybel, in Judas, het gesê dat Adam … dat: “Henog was die sewende van Adam af.” Is dit reg? En hy begin: “Adam het sy seun, Set, verwek.” Wat van Kain, wat die geboortereg gehad het? Hy was nie Adam se seun nie. Set, en Set het vader geword; Jered, en verder af na Adam, wat af na … “wat die sewende van Adam was.” Dan as Kain sy seun was, is daar nie een plek in die Bybel nie, selfs in Lukas wanneer hy weer daarna verwys, hy verwys nooit na Kain as die seun van Adam nie. En, as hy nie was nie, wie se seun was hy? En as hy die seun van Adam was, was hy sy eerste seun, wat al die geboortereg gehad het. O!

Daar is daardie vleeslike kerk (kan julle dit nie sien nie?) wat iets aanvaar het, was die owerspel in plaas van die Woord. Pinkstermense, seën julle. Goed, wat het hy vir Eva voortgebring? Die saad van die slang. Wat het dit gedoen in hierdie laaste dae, deur denominasie? Het die saad van die slang voortgebring, weer, die Woord verwerp. Wat het hy aangebied? Vrugte en dinge, nie die Bloed nie.

115 Deur openbaring van die Woord, God se Woord voor Dit selfs geskryf was: “Abel het deur geloof aan God 'n voortrefliker offerhande geoffer as dié van Kain, wat getuig het dat hy regverdig was,” die Woord wat Homself deur hom reflekteer, deur sy offerhande.

O, Kain het gegaan en vrugte van die veld gekry, hy het gedink dat Eva 'n appel geëet het. Meeste van die teologiese kweekskole het dit nou verander na 'n appelkoos. Dit was 'n egbreuk. En enigeen weet dit, wat die Bybel ken. Sekerlik, dit was.

Let op, die slang se saad is voortgebring deur die eerste Eva wat weggekom het van die Woord. Die

tweede Eva het dieselfde ding gedoen by Nicaea, Rome. En wat het sy gekry? 'n Klomp denominasionele kinders. Dis reg. O, moreel goed; verseker, goed. Maar wat daarvan? Dood, deur hulle geloofsbelydenisse.

116 Dieselfde nou. Kain se openbaring van die Woord het dieselfde ding gedoen wat hulle het. Wat? Het haar belowe. Aan die einde van die tyd, wat belowe dit Eva nou? Luister nou mooi, ek sluit af. Watter belofte aan hierdie Eva in die endtyd? Rykdom, Laodicea, groot naam, groot persoon, ryk. "Maar dood en nakend en weet dit nie." Dis waarin die kerkeeu geëindig het.

Maar sy ontken die Woord. Om Matthéüs 24:24 werklik vir haar te maak, probeer sy inbeweeg met 'n klomp geraas en baie *hiervan*, en baie sosiale stand en dinge soos hierdie, probeer sê: "Wel, ons het krag! Glorie aan God, halleluja, ons het krag!" Met 'n vorm van godsaligheid, maar ontken die Krag daarvan, so naby dat dit die uitverkorenes sou mislei … Hoe kan 'n man dans in die Gees en in tale praat, en die Woord van God ontken as die Waarheid, en die Heilige Gees wees? Dit kan net nie gedoen word nie.

"Elke Woord!" God sê een ding, dis net presies wat Hy bedoel. Moenie Dit op enige ander manier interpreteer nie. Die Bybel sê dat: "Dis van geen private interpretasies nie." Sê dit soos Hy Dit gesê het.

117 Let op, 'n valse krag. Dis presies wat Satan vir Jesus wou gee, daarbo kom en Hom Homself laat afwys. Mense doen dit, selfs die Wêreldraad, almal van hulle. "Wie is in staat om met hom oorlog te maak," het hy gesê, die Bybel: "hierdie beeld van die dier wat gaan opstaan?" As ons tyd gehad het, sou ons daarop ingegaan het (maar ons het nie). Let op Jesus, die tweede Woord Adam, in haar dag, kyk in die dae van hierdie kerk nou wat so naby gaan wees. Die laaste kerkeeu is Laodicea. Hoeveel kan "amen" daarop sê? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Wat doen sy? Hoe gaan sy in die glorieryke stadium? Louwarm, sonder God. En wat het sy gedoen?

118 Nou, Adam het Eva opsetlik gesien … of nie opsetlik nie, maar onwetend mislei, en Adam het saam met Eva uitgestap sodat hy haar kon verlos. Is dit reg? Die Bybel het gesê: "Adam is nie mislei nie." Dis waarom Dit vroue verbied om die Evangelie te verkondig. Sien? Adam was nie in die oortreding nie, tog was Eva. So dis die rede waarom sy nie behoort te onderrig, sien, of enige gesag oor die mens oor te neem nie, ensovoorts. Dis—dis wat die Woord sê.

Julle sê: "Wel, *dit*!" Ek gee nie om wat *dit* en *dat* doen nie. Dis wat die Woord sê, broer, suster. Ek probeer dit by julle kry, sien, dis wat die Woord sê. Ons lewe volgens die Woord, nie wat een of ander bewys, of een of ander vleeslike iets, of een of ander ondervinding nie. Dit het nie een ding daarmee te doen nie. Enige soort van 'n ondervinding sal nie werk nie, as dit die Woord ontken. "Baie sal na My toe kom en sê: 'Ek het geprofeteer, duiwels uitgedryf. Ek het in tale gepraat. Ek het al hierdie dinge gedoen, die Evangelie verkondig, en 'n Doktor van Godgeleerdheid.' Gesê: 'Jou werker van ongeregtigheid, Ek het jou nie eens geken nie.'" In die wete dat die Woord Dit sê, en dan toegee as gevolg van een of ander organisasie of iets, een of ander stelsel. O, my vriend, laat ek jou waarsku, as 'n dierbare broer wat jou liefhet. Luister aandagtig.

119 Nou, die eerste Adam het saam met Eva uitgestap, omdat sy mislei is. Maar daar was iemand hier in hierdie Laodicéa, sy het anders geweet. Ja, meneer. Omdat sy Hom uit haar bed gesit het, haar kamer, sy … Hy was aan die buitekant aan die klop, probeer om weer in te kom. Tog het sy kultuur gekry, sy was hoog geplaas. Sy was, o, goeiste: "het niks nodig gehad nie," het sy gesê, maar het nie geweet dat sy naak, ellendig was nie. Dis die kerk wat die einste uitverkorenes mislei as dit moontlik was. Let op, sy het mag gehad, valse mag. Sy het deel van die Woord geneem, het nie die res Daarvan geneem nie.

120 Wat is die grootste leuen wat ooit vertel is? Dit het nege-en-negentig persent Waarheid daarin. As iemand gesê het: "William Branham, op hierdie sekere datum, was daar oorkant in Houston, Texas, dronk soos hy kon wees." Dis 'n leuen. Sien? "O," sê: "nee, hy was in Phoenix, Arizona. Hy het gepreek vir Christen sakemanne, hy het gepreek oor 'n sekere onderwerp, soveel mense was daar, hulle het geluister tot omtrent tien-dertig. En teen tien-dertig, weet julle wat hy gedoen het? Het afgereik en 'n sopie drank gekry en dit gedrink." Nou daar is 'n leuen. Die res daarvan was alles waar. Sien, dit moet net presies soos die waarheid lyk, om misleidend te wees.

Dis hoe die mense vandag maak. Hulle het soveel van die Waarheid, hulle mislei die einste uitverkorenes … Maar, een Woord, dis al wat dit neem. En ek het dit deur die Bybel bewys.

121 Let op, Hy het nooit saam met haar uitgestap nie. Sy het Hom uitgesit, die Woord, het Hom verwerp. Nou hierdie is 'n jammerlike gesig, wanneer ons by die einde kom.

Net soos dit in Babilon was, sal die mens nie stop by enigiets wat hy self probeer bereik nie. Hy sal net nie ophou nie. Soos in die dae van Noag, maak nie saak hoeveel Noag gepreek en gewaarsku het nie, het nie 'n greintjie goed gedoen nie. In die dae toe Agab, moes hy sy eie brood maak om homself na die hel te stuur. Dis presies. Hy moet sy brood maak sodat die skakel sal breek, sodat dit homself na die

hel sal stuur. Net soos Agab en Isébel, hulle. Maar die ding daarvan is, hulle het nie gedink hulle sondig nie. Hulle het gedink hulle doen reg.

122 Julle weet, Jesus het gesê: "Dit sal gebeur dat hulle jou selfs sal doodmaak, dink hulle doen God 'n guns." Wag totdat hierdie nuwe boek van my uitkom. Hulle het op party mense geskiet, nou die aand, omdat hulle gesê het dat dit verkeerd was om die Rooms Katolieke kerk met die Protestant te verenig. Drie skote het deur 'n gebou gegaan van 'n vriend van my, het hulle skaars gemis. Wag tot hierdie boek in sirkulasie kom. Dink nie hulle sondig nie; hulle dink hulle doen die regte ding. Hulle dink hulle—hulle doen dit vir 'n saak vir God, weet dit nie.

Die Jode het Jesus doodgemaak, gedink hulle doen die regte ding, want hulle kerkleerstelling het gesê Hy was verkeerd. O, het vir hulle gesê Hy … "Hulle het die einste Brood gekruisig waarvan hulle veronderstel was om te lewe."

123 Nou, dan: "Soveel as wat Hom ontvang het om hulle Lewe te wees, Ewige Lewe, hulle het deur Hom gelewe, en Hy het hulle krag gegee om deel van Hom te word, seuns van God." Is dit reg?

Hulle hou van die wilde kalbasse, dood in die pot, van die skool van hulle teoloë. Hulle wil nie Jesus, die Brood van die Lewe, hê nie. Hulle wil Hom nie hê nie. Hulle het Hom uit hulle kerk gesit. Hulle moet dit doen. Ek gee nie om wat hulle doen nie.

Jy sê: "Dink jy jy gaan dit verander, Broer Branham?" Nee, meneer. Maar ek praat met die Uitverkorenes.

Hulle het Hom uitgesit. Hoekom? Hulle het hulle lensiesop geneem, gemeng met die wêreld, 'n paar teorieë van iets en dit saam gemeng, en 'n teologiese kweekskoolpot gemaak. En hulle weier die profeet Elía se meel om dit te genees.

Het hulle dit in daardie dag gedoen? Elía het 'n bietjie meel gehad. Daardie meel was Christus, die meeloffer, alles dieselfde gemaal. Elke braam moes dieselfde wees, om dit te maal. En hy het dit daarin gegooi, en dit het hulle siekte genees, of hulle dood in die pot.

Maar vandag het hulle dood in die pot en hulle wil nie Elía se Meel, Christus, die Brood, die Woord hê nie. "Nee, meneer! Dis kettery!" Hulle sal Dit nie hê nie. Gaan voort en eet dit, en jy sal so seker sterf soos die wêreld. Daar is gif in die pot. Hulle sal nie hierdie Meel aanvaar (nee, meneer) in hulle teologiese potte nie. Hulle sal dit net nie doen nie. Nou sal hulle jou daaruit sit, hulle wil niks daarmee te doen hê nie.

124 Nou die tweede Eva, broodkorrel, was Pinkster, het gemaak soos die eerste, Adambrood, het doodgegaan onder die Romeinse dorings, onder vervolging, martelaarskap.

Maar haar suster wat 'n hoer geword het, (is dit wat die Bybel sê?) dis reg, wat het sy gedoen? Sy het reguit voortgegaan in die wêreld in en kinders verwek. Wie kan "amen" daarop sê? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Openbaring 17: "Die hoer en haar dogters," nie mans nie; vroue, kerke. Die gedenomineerde, wat het haar 'n hoer gemaak? Sy het die Woord verwerp en die denominasie geneem, sy het 'n hoer geword. Wat het haar kinders gedoen? Hulle was prostitute, wat dieselfde ding is. Het dieselfde ding gedoen, die Woord verwerp en na die denominasie gegaan. "Haar kinders," dogters, kerke, kyk na hulle.

125 Nou laat ek dit sê, in profesie. Sal julle verstaan? Die groot familietwis is omtrent verby. Hulle kom almal saam terug. Ou moeder gaan weer haar kinders terugneem. Hulle is almal dieselfde, in elk geval. Hulle wil een wees. Dis tyd vir die kerk en God, kerk en die Woord, om een te word, net hier, want dis waarna Hy kom; nie 'n "een" groep soos daardie nie. Nee, meneer.

'n Koringkorrel moet wees. Hou nou die natuur dop, en ons sluit af met hierdie gedagte. Kyk na die natuur. 'n Man plant koring.

Hulle het 'n boek geskryf, ek reken julle het dit almal gelees, waarskynlik sommige van julle teoloë, genaamd *Die Stille God*. Ek dink julle kan dit kry miskien in—in julle boeke, van—van waar julle boeke verkoop, boekwinkels. *Die Stille God*, het gesê hoe … 'n Ongelowige het gesê: "Hoe kan jy ooit verwag dat daar 'n God is, wat Daarbo kon sit gedurende die Donker Eeue en kyk hoe kindertjies doodgemaak word, deur vuur; vroue, hulle lang hare in pik gesteek en verbrand; sit 'n os aan een arm en een aan die ander en trek hulle uitmekaar, want hulle wil nie 'n kruisbeeld soen nie; en al daardie dinge soos daardie"? Gesê: "Hoe kan 'n God, as daar een was, daarbo sit en daardie kindertjies sien brand?" Sien, dis die natuurlike, vleeslike verstand. Sien?

126 Kyk, ken jy 'n koring, wanneer dit in die grond ingaan, moet dit daar lê en verrot? Dis wat daardie pinksterkerk moes doen, daar gelê en grond toe gaan en sterf. Dit moes verrot, om weer Lewe voort te bring. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Nou kyk, en nou is dit my slotgedagtes. Nou om dit

alles af te handel, laat ons die natuur neem. Hoeveel van julle glo dat God parallel in die natuur werk, met alle dinge? ["Amen."]

Hy, kyk, Hy het die wêreld gedoen. Hy verlos die wêreld net soos Hy 'n mens verlos. Wat glo 'n man? Hy glo, word dan gedoop; dan word hy gereinig deur die bloed, heiligmaking, wat Wesley se boodskap was; dan is hy gevul met Heilige Gees Vuur, neem die wêreld uit hom uit, en hy is gevul met die Gees, wat die Woord is. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Nou kyk wat. God gaan Sy wêreld op dieselfde manier verlos.

127 Hoeveel het die—die—*Die Toekomstige Tuiste Van Die Bruid En Bruidegom*, op die band? Sien, ek het dit daarin uitgebring. Die Here het dit vir my gegee. Ek gee dit aan julle soos Hy dit vir my gee.

Kyk, die eerste ding, die wêreld is veroordeel, onder Adam se val van die Woord. Die prediking van Noag het regverdigmaking gebring en God het die aarde met water gedoop; toe het die Seun gekom en Sy Bloed daarop laat val om dit te heilig, om dit vir Sy Eie op te eis; dan in die finale afsluiting, die opknapping, sal vuur wees wat elke kiem sal verbrand, elke ding, dit sal duisende myle hoog gaan, in die lug.

En wat dan? "Ek het 'n nuwe Hemel en 'n nuwe aarde gesien, eerste hemel en aarde het verbygegaan. En ek het die Heilige Stad gesien, die Nuwe Jerusalem neerdaal van God, uit die Hemel, versier as 'n bruid vir haar … versier as 'n bruid vir haar man, sien, neerdaal op die aarde." Toe het God en die mens …

128 Dieselfde ding met Jesus, kyk, toe Hy in water gedoop is en Sy voorbereidings gemaak het. Hy is geheilig, om mee te begin, deur die Vader; toe het Hy Sy hande opgesteek en hier kom die Duif op die Lam. Wat het God gedoen toe Hy die Duif Daarop gesit het? Hy het daardie deel van die lewe opgeëis. Dit, dit was deel van die aarde, Jesus het kos geëet soos ons het, die natuurlike brood. Maar nou maak God aanspraak daarop, daar gaan niks dit vashou nie. Dood kan dit nie vashou nie. Het gesê: "Vernietig hierdie tempel, Ek sal dit weer oprig."

En wanneer die man en vrou in God ingaan, nou volledig, nie onder een of ander betowering nie, nie onder een of ander emosie nie, maar regtig wanneer die Woord en Hy een word; God het daardie persoon gered, hom geheilig van die dinge van die wêreld, alles van die wêreld van hom af vernuwe, met die Vuur van die Heilige Gees, en lewe in daardie persoon, reflekteer Homself, daardie volmaakte man of vrou wat lewe volgens die Woord. Sien, dis die aarde wat gereinig is. Hy sal die aarde op dieselfde manier gebruik, Hy verlos dit.

129 Nou kyk, 'n koringkorrel val in die grond. Nou, Jesus was daardie koringkorrel wat in die grond geval het, wat nadat dit volmaak gemaak is, Dit het Lewe daarin gehad. Moses het nie opgestaan nie. Adam het nie opgestaan nie. Nie een van die res van hulle het opgestaan nie. Maar hierdie volmaakte Een wat die Woord in elke opsig gereflekteer het, elke Woord waarvolgens Hy gelewe het! Hoeveel kan "amen" daarop sê? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Elke Woord het Hy volgens geleef. Wat het gebeur? Hulle het Hom in die graf gesit. Maar, drie dae, het Hy haar oopgebreek en weer uitgekom. Sien?

Nou hier kom die kerk weer, sien, kom na daardie volmaakte Een, weer vir die Wegraping. Nou wat het gebeur nadat die kerk in die grond geval het by Nicaea, Rome, met die eerste organisasie? Kan enigiemand sê "amen," dat dit reg is? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Wat het sy gedoen? Sy het weer uitgekom in 'n tydelike opstanding, Hy het deur Luther probeer soos Hy het deur Noag. Maar wat het hy gedoen? Hy het die Woord gefaal, hy het georganiseer. Wat het dit gedoen?

130 Dis soos 'n koringkorrel wat opkom. Wanneer die korrel opkom, wat is die eerste ding wat opkom? Twee klein spruitjies. Nou luister baie mooi. Wat kom op, natuurlik nou? Ons gaan die natuurlike volg met die geestelike, natuurlike brood met die geestelike brood. Wat gebeur? "Hoe kon hierdie Man Brood wees?" Kyk.

Toe die kerk opgekom het, was sy een blaartjie. Nou dit lyk glad nie soos die korrel wat in die grond ingegaan het nie, maar dis 'n draer van die lewe. Sien? Nou wat gebeur? Nou sê die man, "O, ek het 'n goeie koringland." Nog nie. Potensieel het hy. Wat het gebeur? Die volgende wat opgekom het was Zwingli, dit was nog 'n beweging wat na Luther gekom het. Steeds was dit nie dit nie. Dis 'n blaar. Toe het die stingel baie blare voortgebring, soos Calvyn, ensovoorts, het opgekom. Uiteindelik het die Anglikaanse kerk opgestaan, vol blare. Sien, almal van hulle net presies dieselfde, dieselfde ding.

131 Wat het toe gebeur? Die koring verander, en die mielie verander, en alles verander. Wat gekom het was 'n pluim. Jy mag dit pluim noem. Wel, toe dit het, kyk wat hang daaraan, klein stuifmeeltjies. Nou dit lyk net 'n bietjie meer soos die oorspronklike korrel wat ingegaan het, as wat die blaar gelyk het. Is dit reg? Wel, Wesley se boodskap was nader aan die Bybel as Luther s'n. Julle weet dit. Is dit reg? Wat is al daardie pluimpies nou? Daar was die Wesleyaanse Metodis, Nasaréners, Pelgrim Heiligheid, Verenigde Broeders, almal wat onder heiligmaking was. En wat het dan daaruit gekom? Dit, uiteindelik, wat het dit

gedoen? Organiseer, het gesterf!

Wat daaruit gekom het, was die Pinksters. Julle sê: “O, broer!”

Nou eerbiedig en ek sê dit met goddelike liefde. En mag die Groot Vader Wie ek julle pas vertel het, in die begin, hier teenwoordig was, alomteenwoordig. As ek dit sê deur vooroordeel, dan sal Hy my oordeel. As ek dit deur Waarheid sê, sal Hy my seën. Hy sal jou Dit laat sien, as jy verordineer is tot die Lewe.

132 Wanneer die eerste klein koringkorrel op die stingel van 'n koring uitkom, lyk dit absoluut soos die korrel. Is dit reg? Maar wat is dit? Dit is nie die korrel nie. Dis daardie Matthéüs 24:24: “so naby dat dit die uitverkorenes sou mislei indien moontlik.” Let op, dit lyk net soos die korrel. Maar jy pluk dit af en gaan sit en neem 'n mikroskoopglas en begin dit terugtrek. Dis net die dop op die mielie, of die dop op die koring. Dit is net gedoen om dit te beskerm, maar dit lyk net presies soos die korrel. Nou hoeveel weet dit is die waarheid, steek julle hande op? Sekerlik. Maar dis die dop.

Nou, Pinksterbroers, moet my nie verkeerd verstaan nie, maar dit is Waarheid. Jy kan nie die natuur trotseer nie. En die natuur verklaar God in alles, sy Skepper.

133 Nou kyk na daardie dop. Dit lyk … Wat het hulle gedoen? Hulle het in tale gepraat. Hulle tree net presies op soos hulle by Pinkster het. Maar as jy dit sal sny, daardie dingetjie neem en dit terugtrek, het dit baie klein doppies daarin. En wanneer jy dit terugtrek, sien jy ver agter aan die agterkant daarvan, sal jy 'n goeie vergrootglas moet hê, daaragter kyk. Daar is 'n klein knoppie van 'n korrel wat aankom, daar is die ware ding. Dis 'n draer. Hoekom? Dit moet daar wees om daardie korrel te beskerm. Dit werk in harmonie, maar dis om daardie korrel te beskerm. Nou waar die graan uit die grond gekom het, op deur die Lutherane, deur daardie kerke, deur Wesley en daardeur, uit deur die pluime, en nou af in die dop in. Nou dit lyk net perfek. Geen wonder Jesus het gesê: “Dit sou die uitverkorenes mislei as dit moontlik was nie.” Lyk net soos die korrel, reg in die plek waar die korrel behoort te wees, maar wat het gebeur? Dit het dieselfde ding gedoen wat die ander voor dit gedoen het, georganiseer! Wat het dit geword? 'n Draer.

134 Nou in die dae waarin ons lewe, weet enige historikus hier dat enige herlewing net omtrent drie jaar duur, en dan uit daardie herlewing kom 'n organisasie. Broer, suster, in hierdie groot vyftien jaar herlewing waarin ek geleef het, was bevoorreg om dit saam met julle te beleef, daar het nie 'n organisasie daaruit gekom nie. Daar is nie meer organisasies nie. Daar sal nie wees nie. Daar is die laaste. Nou, Pinkster moes daar wees om dit te beskerm. Waarheen sou ons gegaan het met 'n Boodskap soos hierdie as daar nie 'n Pinkster was om dit te glo nie? Gaan nou terug na die Ohio Rivier, in 1933. Sien?

Verskoon dit, maar ek wil hê julle moet die Waarheid ken. En ek het nie veel tyd oor nie, julle weet dit, ek is vyf-en-vyftig. Maar hierdie bande sal lewe wanneer ek weg is, en julle sal sien of dit reg is, of nie, of ek 'n ware dienskneg of 'n valse profeet is. Ek het nog nooit vir julle iets gesê wat nie gebeur het nie, so sal hierdie gebeur.

135 Dis 'n draer. Dit moes wees. Maar toe daardie koring begin groei, soos die kerk eers 'n draer vir Jesus was, maar toe Hy hulle die Waarheid van God begin vertel het, het hulle van Hom geskei. Nou wat gebeur? Geen samewerking nie. Hoekom? Dit moet so wees, sodat die koring self voor die son kan lê, s-o-n, en so die geestelike koring voor die S-e-u-n kan lê, om verander te word in 'n goue korrel van die Woord, sien, Woord gemaak, God wat vlees geword het, bevestig. Die … “Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal Hy ook.” Die kerk wat lewe deur daardie Woord, reg, nie deur organisasie nie, maar in Teenwoordigheid van die Woord, die Seun, word dit (wat?) 'n einste Woord wat afgegaan het op die Pinksterdag.

136 Nou, leer Maleági 4 ons nie, dat voor die groot en verskriklike dag van die Here sal kom, dat dit sal plaasvind nie? Hoeveel weet dit? “En Hy sal die harte van die kinders terugbring na die vaders,” is dit reg: “die Geloof van die oorspronklike pinkstervaders.”

“En in daardie dag,” Lukas 17:20, glo ek is dit, het Jesus gesê: “wanneer die Seun van die mens geopenbaar word,” nie die mens nie. “Die Seun van die mens,” nie 'n organisasie nie. “Die Seun van die mens,” die Woord wat weer Homself onder die mense uitleef! Sien?

Die Woord, Self, vlees gemaak in jou, jy is 'n refleksie van hierdie uur, die Boodskap, refleksie daarvan. Sien, jy lewe weer, lewe die Lewe wat in Jesus Christus was. Jy is in die Teenwoordigheid van die Seun. Dan na die …

Wat gebeur daarmee? Wat gebeur met daardie Kerk? Uiteindelik, luister, daardie dop trek weg van daardie koring, wanneer dit begin gemanifesteer word. Wat het gebeur? Die Lewe wat in die dop was, het uitgegaan in die koring. Die Lewe sal nie verander nie. Die draers verander, hulle denomineer; sien, die blare, die pluim, die dop. Maar die koring kan nie verander nie. Dit moet 'n bediening wees net presies op die Woord soos Hy op die Woord was, en soos die eerste Kerk op die Woord was, Gees vervul, Woord

gevoed; nie denominasioneel gevoed nie. Woord gevoed!

137 Nou daar is die natuur en die Woord van God. Hy is daardie Brood. "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan."

Sluit nou af, voor gebed. Let op hier, hier kom die ding wat ek wil sê.

Nou daardie dop moet wegtrek van daardie koring, dis in God se voorsienigheid. Hoeveel sê "amen"? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Die dop moet wegtrek van die koring, want dit word nou ryp. Dis op. Nou, daardie doppie was nie daar nie, dit was 'n ondersteuner, dit was 'n draer van die Lewe, toe het die Lewe daaruit reguit in die koring ingegaan. Nou, dis die rede.

Luister, vriende, in watter dag lewe ons? Ons het 'n vyftien-jaar herlewing gehad. Hoeveel kan "amen" daarop sê? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Watter organisasie het opgestaan? Geen. Hulle het my probeer kry om 'n organisasie te maak, het gesê: "Sal jy 'n organisasie maak, Broer Branham, oor jou bediening? Dit sal wees …" Nou, nie ek nie, ek praat nie van my nie. Ek praat van die Boodskap van die uur, van die dag.

138 En hulle het daarheen gegaan in Kanada en 'n paar laat-reën broers gekry. Dit het net daar gesterf. Onthou die laatreën, julle broers? Waarheen het dit gegaan? Waarheen het enigiets anders gegaan? Maar wat het die organisasie daaruit gekry? Miljoene bekeerlinge, en slawe gemaak uit hulle, vir hulle geloofsbelydenisse, word ryk, en bou miljoene en biljoene dollars in geboue en sulke dinge, en sê "die Here kom," stuur predikers na kweekskole en dinge, en leer hulle oor mensgemaakte teologie, soos Luther, Wesley, en die res van julle. Dit het 'n dop geword.

Maar, dank God, die korrel gaan aan. Dan as dit waar is deur die Woord, tot waar ons lewe, dit is waar van natuur, word dit bevestig, die koringkorrel, in elk opsig, hoeveel langer het ons? Weet julle wat? Ek hoor die koms van die stroper, die Wêreldraad, sy sal dit skei. Wat doen sy? Skeer haar van haar stingel af. Maar Sy het 'n hyser wat vir Haar wag. Sy sal Huistoe gaan, een van hierdie oggende. O, ja. Verstaan julle, sê "amen"? [Gemeente sê: "Amen." — Red.]

139 Ek weet die wêreld glo dit nie. Hulle kan dit nie glo nie. Moenie … Voel net jammer vir hulle, want: "Geen mens kan kom tensy My Vader hom trek nie; en almal wat My Vader My gegee het, sal kom." As sy naam op die Boek van die Lewe is, sal hy beslis die Woord herken. Hy moet, dit is te lank gedoen. Dit is so volmaak bevestig, totdat dit positief die Waarheid is.

Ons sal nie meer organisasies hê nie, maar al die organisasies sal in een ingaan. Waarvoor is sy goed? Gaan … Want wat doen hulle met die strooi? Verbrand dit. Jesus het gesê: "Die engele sal die koring in die skuur kom versamel." En wat sal plaasvind? "Die stingels, en stoppels, en bosse, sal met onblusbare vuur verbrand word." Sien julle? En wat moet eers gedoen word? Die engele het uitgegaan en die gerwe eers gebind. Is dit reg? Sien, hulle bind hulleself saam in een yslike groot organisasie, nie meer organisasies nie.

140 Die koring is hier. Dank God, die koring is hier. Christus is hier. Hy bewys Sy Woord, Dis die Waarheid. Die koring is hier, dit word nou ryp, dit lê in die Teenwoordigheid van die Seun.

Nie enige mens mag Dit aanraak nie, dit trek alles weg: "Ons sal niks Daarmee te doen hê nie." Jy moet dit doen.

O, broer, kom in die koring, laat jou Lewe wat in jou is, uitkom in die koring. Sal jy? Glo God. Moenie … Bly net by God. Is jy seker jy gaan dit maak? Wat as iemand gesê het … Ek gee nie om nie.

141 Soos 'n storie wat ek gelees het, eenkeer. Daar was 'n dokter, hy was 'n goeie man, en hy het arm mense liefgehad. En elke keer wat die armes nie hulle skuld kon betaal nie, weet julle wat hy gedoen het? Hy het dit net met rooi ink geteken, gesê: "Jy's vergewe." Uiteindelik het die dokter gesterf. En toe die dokter gesterf het, was sy vrou arrogant. Sy was anders, soos die kerk vandag. Sy het gegaan en hulle almal saam gemaal. Sy het regsgeding gebring en hulle almal in die hof gegooi: "Julle gaan hierdie rekeninge betaal, in elk geval!"

Maar die regter het party van die kwitansies opgetel, gesê: "Kom hier, mevrou." Hy het gesê: "Is hierdie rooi ink jou man se handtekening?"

Sy het gesê: "Ja, meneer, dit is."

Het gesê: "Daar is nie 'n hof in die land wat hulle kan dagvaar nie. Hulle is vry."

Laat hulle sê wat hulle wil. Hy het Sy Woord met Sy Eie Bloed geteken. Daar is niks wat dit van ons kan wegneem nie, broer. Ons is vry.

Laat ons bid. Sekerlik julle … ['n Broer in die gemeente gee 'n vermaning. Leë kol op band — Red.]

Amen.

142 Nou met julle hoofde gebuig. As ek verstaan, het een opgestaan in hulle midde, in die dae van die koning, en 'n profesie gegee waar hulle die vyand sou ontmoet en hulle vernietig. Nou, as ek dit reg verstaan, is daar een plek om jou vyand te ontmoet, dis by die Woord. Dis waar hy jou probeer ontmoet. Jy ontmoet hom daar met SO SPREEK DIE HERE.

Hoeveel hierbinne, met julle hoofde gebuig, (dis so naby middag, ek het nie tyd vir 'n altaaroproep nie behalwe net dit) sal julle hande opsteek, met julle hoofde gebuig, julle oë gesluit: "Ek wil 'n deel van Hom wees. Ek wil myself aansluit by Hom en Sy Woord. Maak nie saak wat kom of gaan, wat die wêreld sê nie, ek wil deel van Hom wees," steek jou hand op en sê: "Ek doen"? God seën julle. 'n Honderd persent, glo ek.

143 Met ons hoofde gebuig, terwyl ons dink, laat ons nou hierdie liedjie saggies neurie. Almal biddend.

Geseënd is die band wat bind (dis die Woord)
Ons harte in Christelike liefde;
Die gemeenskap van verwante gemoed
Is soos dit van Bo. ("Soos Ek en My Vader een is, is julle ook een met Hom.")
Wanneer ons uitmekaar gaan,
Dit gee ons innerlike pyn;
Maar ons sal steeds in hart verbind wees,
En hoop om weer te ontmoet.

Volgende Saterdagoggend by Flagstaff, Arizona, as die Here wil, hoop ek om julle weer te ontmoet. Het julle Hom lief? [Gemeente sê: "Amen." — Red.]

144 Nou gaan ek dit net so los, sien. Die Bybel het gesê: "Soveel as wat Hom geglo het, en soveel as wat die Woord ontvang het." Sien? Ek kan nie sê wie is of wie is nie, dit hang van jou af. Maar as jy vashou aan een of ander klein geloofsbelydenis, party van julle Metodiste, Baptiste, of Pinksters, of wie julle ook al mag wees, wat vashou aan iets teenstrydig met daardie Woord, asseblief, my liewe mense, draai daarvan af, vandag. Sal julle nie? Draai weg van dit en draai na Hom. Moenie dat een Woord jou ooit wegbreek van die gemeenskap van Christus nie. Mag Sy Gees dit skenk.

145 Vader, God, hierdie mense het hier gesit vir 'n lang tyd. Dit herinner my aan eenkeer dat Paulus gepreek het in hierdie selfde lyn, dit was die Evangelie, hulle het heelnag lank gesit en na hom geluister, 'n jongman het uit die venster geval en het gesterf. Paulus het gegaan en sy liggaam oor die jongman neergelê en gesê: "Lewe het na hom teruggekom." Nou, Vader, daar is siekes en beproefdes hier, daar is diegene wat gebed nodig het vir hulle liggame. Ek bid, Dierbare God, om nie te wag tot die diens nie. Hulle hoef nie te wag vir enige diens nie. Die Woord is altyd hier, dis Christus. Ek bid dat U elkeen van hulle sal genees. Laat elkeen van hulle volkome gesond gemaak word, God. Skenk dit. Seën hulle, hulle pogings. Hulle sou nie hier gesit het nie, Here, hulle sou nie Hierna geluister het, as hulle Dit nie geglo het nie. Nou, Here, hulle het hulle hande opgesteek, hulle glo Dit, nou mag Dit in hulle harte ontvang, elke prediker, elkeen van die lekedom. Die sondaar, mag hy Christus ontvang; die teruggevallene terugkom. Skenk dit, Vader. Hierdie seëninge vra ons in Jesus Christus se Naam. Amen.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief,

Hy het my naam daarin gesit, baie jare gelede.

… my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop
Op Gólgota se boom.

Het julle Hom lief? Nou terwyl ons dit weer sing, reik net oor die tafel en skud hande met iemand, sê: "Dierbare pelgrim, ek is bly om hier te sit vanmôre. Ek glo Christus. En jy?" Iets soos dit, wanneer ons weer sing. "Ek …" [Broer Branham skud hande met ander — Red.]

Het my verlossing gekoop
Op Gólgota se boom.

146 Nou, van nou af aan, is ons klaar met die wêreld? Is ons klaar met die modes van die wêreld? En die … al die onsin, en al hierdie glans hier, en die Evangelie neem en 'n kommersiële ding daaruit maak, en—en is ons klaar daarmee? Is ons nie? Gee my net Jesus, dis al wat ek wil hê. "Om Hom te ken is Lewe, ken Hom." Ek het Hom lief. Het julle Hom nie lief nie? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] O, hoe lief het ons Hom nie!

Nou gaan ek die diens aan Broer Carl oorgee, ek weet nie wat hy nog gaan doen nie.

God seën julle. En ek hoop om julle weer volgende Sondag te sien, en as ek julle nie kan sien nie … of volgende Saterdag. As ek julle dan nie sien nie, sien julle daar by Tucson. Indien nie dan nie, sal ek julle die sewentiende hier sien. Indien nie dan nie, sal ek julle in die Heerlikheid sien. Amen.

Broer Carl nou, ek weet nie wat hy op hierdie tydstip wil doen nie, Broer Williams.

MESSAGE hub online
www.messagehub.info

Preke Gelewer Deur
William Marrion Branham
"… in die dae van die stem …" Openb. 10:7